“KODESA? Is dit ’n nuwe kopseerpil?” 'n Ondersoek na die Afrikanervrou se politieke ingesteldheid in die 20ste eeu.

Loraine Maritz

Loraine Maritz: Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

In 1992, in die tyd toe die onderhandelinge vir ’n demokratiese Suid-Afrika aan die gang was, het ’n artikel in *Sarie*, ’n Afrikaanse vrouetydskrif, verskyn, getitel: “Wat maak hulle by KODESA?”. KODESA was ’n veelparty-konferensie om die oorgangsmeganismes na ’n demokratiese Suid-Afrika daar te stel. Die inhoud en die toon van die artikel het daarop gedui dat die skrywers aangeneem het dat *Sarie*-lesers nie net onkundig was oor die politieke onderhandelinge nie, maar ook nie in politiek belanggestel het nie. Afrikaanse vroue was met die herlewing van Afrikanernasionalisme ná 1902 soms, in hul rol as “volksmoeder”, betrokke in die politiek. Ná 1948 het die Afrikanervrou polities afsydig geword. Dit was grootliks as gevolg van die rol – dié van onderdanige vrou wat swyg in die openbaar – wat patriargie en die kerk aan haar toegedig het. Sy moes dit wat belangrik was vir die Afrikaner, beskerm en ook die jeug weerbaar maak. Sy het dus indirek ’n politieke funksie vervul. Ná 1990, met die beëindiging van apartheid en op pad na ’n demokratiese Suid-Afrika, is die Afrikanervrou gelaat sonder haar tradisionele ankers: dat die Afrikaner, en blankes, meerderwaardig is; dat Afrikaners ’n spesiale verhouding met God het en dat Suid-Afrika regmatig aan die Afrikaner behoort. Die Afrikanervrou was sonder identiteit. Dit was hierdie polities afsydige en identiteitlose Afrikanervrou wat die lesersmark van *Sarie* was en vir wie die artikel geskryf is.

Trefwoorde: Afrikanervrou; Afrikaanse vrouetydskrif; politieke betrokkenheid; Afrikanernasionalisme; Afrikaner-identiteit; volksmoeder; Kodesa; *Sarie*-tydskrif

Abstract

“CODESA? Is it a new type of headache tablet?” An investigation into the Afrikaner woman’s political attitude during the 20th century.

During the time of negotiations for a democratic South Africa an article titled “Wat maak hulle by KODESA?” (“What are they doing at CODESA?”) was published in 1992 in *Sarie*, an Afrikaans women’s magazine. The Convention for a Democratic South Africa (CODESA), launched in December 1991, was a multiparty conference held to decide on the

transition process to a democratic South Africa. The introductory paragraph of the article stated: "For some people it may sound like the name for a new type of headache tablet; for others it may remind them of the thriller by Frederick Forsyth, the *Odessa File*. And most people do not even know what CODESA stands for" (my translation).

The political climate that preceded the *Sarie* article was turbulent and for most South Africans the future was filled with fear and uncertainty. Apart from the violence between the African National Congress (ANC) and the Inkatha Freedom Party (IFP), white radicals posed a real threat to the negotiating process. Two months before the article was published in *Sarie* 68,6 percent of whites voted in favour of the negotiation process during a referendum. These events were widely publicised in the newspapers and on television.

It is thus highly unlikely that in May 1992 the readers of *Sarie*, whether to the left or the right of the political spectrum, would have been unaware of CODESA and what it entailed. Yet the content and tone of the magazine article suggested that the authors were of the opinion that the readers of *Sarie* were not only ignorant about the political negotiations, but also not interested in politics. Was this assumption acceptable?

This article aims to reach an answer to this question, by studying the political involvement of the Afrikaner woman in the 20th century. The research was conducted through a literature study of books, articles, unpublished master's and doctoral dissertations and theses, and internet sources on the Afrikaner, Afrikaner nationalism and Afrikaner women from as early as 1932 until 2011.

After the defeat of the two Boer Republics during the Anglo-Boer War in 1902 there was a gradual revival of Afrikaner nationalism. The belief that the Afrikaner *volk* was God's chosen people designated separate rolls for men and women in the Afrikaner family. It was a patriarchal structure in which the role of men was primarily to be the instrument to implement the will of God in regaining lost political power for the Afrikaner. Afrikaner historians used the term "mother of the nation" ("volksmoeder") to describe the role of Afrikaner women during this period. As an obedient wife and daughter, her political role was inside the home and to provide moral support. According to more recent interpretations of the "volksmoeder" concept the Afrikaner woman was not passive in this role: she utilised it to form an own identity, but always within the boundaries of patriarchal Afrikaner nationalism.

During 1915, after the Rebellion (1914–1915), 6 000 Afrikaner women organised a protest march against the imprisonment of Rebellion leaders. During 1940 9 800 women marched to the Union Buildings in Pretoria to protest against South Africa's participation in the Second World War. During both these marches thousands more women were represented through signed petitions. It is not surprising that these marches did not receive much attention in written records of Afrikaner history.

In 1915 Afrikaner women formed the National Women's Party (NWP). Through this organisation Afrikaner women supported the National Party (NP), Afrikaner nationalism and, through carefully selected programmes, the Afrikaner cause. Afrikaner women in general did not agitate for political rights and did not take part in the women's enfranchisement movement. However, through the NWP, political consciousness slowly gained ground. Afrikaner men were reluctant to grant voting rights to women, but when the women's vote was needed to remove the entrenched black vote, they changed their policy and a women's enfranchisement campaign was launched. In 1930 white women in South Africa were granted the vote.

In the trade unions (particularly in the Garment Workers' Union), on the fringe of Afrikanerdom, working-class Afrikaner women represented the complete opposite of the "volksmoeder" and played a very visible political role. However, it was really in the sheltered environment of Afrikaner welfare organisations that Afrikaner women could apply their political preferences by focusing on poor Afrikaners. During this period the Afrikaner woman's political voice was indeed heard, but it was sporadic and subdued.

Afrikaner nationalism triumphed in the 1948 election when the NP became the government of South Africa – an Afrikaner government that could advance the interests of Afrikaners. Despite this, Afrikaner women became almost completely politically indifferent and withdrawn during the period of NP rule. This happened despite the second wave of feminism (from the 1960s to the 1980s) in the Western world which focused on issues of equality, such as an end to discrimination and cultural and political inequalities.

In Afrikaner families the role of patriarchy and the church, which imposed on her the role of a submissive woman that kept quiet in public, was still very much evident. Afrikaner leaders emphasised the Afrikaner woman's femininity and the difference between men and women in the public sphere and allocated her a supportive role behind the scenes. At home women usually had enough influence not to feel oppressed. A woman's political role was, as a mother, to protect those values that that were important to the Afrikaner and to raise good Afrikaner sons and daughters. She thus played an indirect political role. As Afrikaners became wealthier, women had the choice to stay at home and with the help of domestic workers she managed her household. With all this privilege the Afrikaner woman was wrapped in a cocoon of comfort. There was no reason to be involved in politics.

Cracks in Afrikaner unity as represented by the NP were already appearing during 1969. Afrikaners subsequently split into what was known as "verkramptes" (those that were more conservative) and "verligtes" (those that were open to change, whether it was encouraging English speakers into the NP or limited power-sharing with Indians and so-called coloureds). As a result, by 1984 between 40 and 50 percent of Afrikaners moved their vote to the Conservative Party (CP) and more than 42 percent of the support for the NP came from English speakers.

The cornerstone of apartheid was based on what the Afrikaner believed to be a divine calling as God's chosen people and that racial discrimination was biblically founded. But during 1986 the Dutch Reformed Church declared racism to be a sin. In the same year the Afrikaner Broederbond, the powerful secret organisation comprising Afrikaans-speaking Protestant men, declared that in order to prevent anarchy, discrimination between races must be removed.

The Afrikaner always had a common enemy to fight against for survival, whether it was the British, the blacks, or communism. In 1988 the Soviet Union withdrew from Africa and a year later the collapse of communism marked the end of the Cold War. In Namibia, where for so many decades South Africa desperately tried to retain a foothold, the former enemy, the South West Africa People's Organization (SWAPO), became the new government. And during 1990 president F.W. de Klerk, the leader of the NP, unbanned the previously feared ANC, Pan Africanist Congress (PAC) and the South African Communist Party (SACP) and soon after that the NP became involved in negotiations to change South Africa into a democracy – one in which the Afrikaner would be considerably in the minority.

After 1990, with the demise of apartheid and South Africa on the way to democracy, the Afrikaner woman was left without her traditional anchors – the beliefs that the Afrikaner, and whites, were superior; that Afrikaners had a special relationship with God; and that South Africa rightfully belonged to the Afrikaner. This loss of identity led to confusion and eventually apathy and ignorance. It was this Afrikaner woman who constituted the readership of *Sarie* and for whom the article "What are they doing at CODESA?" was written.

Key words: Afrikaner woman; Afrikaans women's magazine; political involvement; Afrikaner nationalism; Afrikaner identity; *volksmoeder* (mother of the nation); Codesa; *Sarie* magazine

1. Inleiding

In Mei 1992 het die Afrikaanse vrouetydskrif *Sarie* 'n artikel gepubliseer met die titel "Ons grootste indaba. Wat maak hulle by KODESA?" (Du Plessis en Swanepoel 1992:42–3). Die inleidende paragraaf verklaar: "Vir party mense klink dit soos die naam van 'n nuwe soort kopseerpil; vir ander laat dit dink aan daardie spanningsroman van Frederick Forsyth, *The Odessa File*. En die meeste weet nie eens waarvoor staan KODESA nie."

Op daardie stadium was die onderhandelinge vir 'n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika aan die gang. Die persepsie van die artikelskrywers, Martie Swanepoel, joernalis van *Sarie*, en Tim du Plessis, wat op daardie stadium grondwetlike beriggewer vir Nasionale Media was, oor die onkunde of gebrek aan belangstelling van *Sarie*-lesers rondom hierdie belangrike politieke gebeurtenis word in hierdie artikel nagespeur. Die politieke gebeurtenisse wat die *Sarie*-artikel voorafgegaan het, word kortliks geskets om te illustreer hoe belangrik die onderhandelinge by KODESA op daardie stadium vir alle Suid-Afrikaners was. Die *Sarie*-artikel word ontleed om te bepaal of die inleidende paragraaf verteenwoordigend is van die res van die artikel. Daarna word die historiese agtergrond ten opsigte van die Afrikanervrou se politieke belangstelling ondersoek. Is daardie artikel dan verteenwoordigend van 'n tydgreep in die Afrikanervrou se geskiedenis? Hier word nie gepoog om 'n studie van *Sarie* te onderneem nie. Navorsing oor *Sarie* en ander vrouetydskrifte is reeds deur navorsers soos Van der Vyver (1987), Rabe (1985), Slabbert (1992) en De Vaal (2007) onderneem. Vir die doel van hierdie artikel is egter alle artikels in *Sarie* wat handel oor politiek, bemagtiging en diskriminasie in die periode 1992 tot 1996 bestudeer.[1]

2. Die politieke toneel in Suid-Afrika, 1990–1992

Die voorbereidings vir die grondwetlike onderhandelings, wat reeds in 1990 begin het, het talle struikelblokke ondervind, waarvan die nimmereindigende spiraal van geweld in 1991, gekenmerk deur botsings tussen die African National Congress (ANC) en die Inkatha Vryheidsparty (IVP), en die wantroue wat dit gesaai het, seker die belangrikste was. Op 16 Julie 1991 is die sogenaamde *Inkathagate*-skandaal oopgevlek, wat gedui het op die regering

se ondersteuning van die IVP. Hierdie onthullings het die ANC se versoek vir ’n tussentydse regering versterk.

In September 1991 het die verskillende partye die Nasionale Vredesinisiatief onderteken. Hierdie verdrag het nie net die partye se begeerte na vreedsame verhoudings bevestig nie, maar het ook tot meer begrip tussen die verskillende partye gelei. Maande se onderhandelinge het op 20 Desember 1991 in die Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) ’n hoogtepunt bereik (Rantete 1998:173–4). KODESA was ’n veelparty-konferensie om die oorgangsmeganismes na ’n demokratiese Suid-Afrika daar te stel. Twintig partye het dit bygewoon. Die partye sou onderhandel oor fundamentele kwessies soos die reëlings vir ’n tussentydse regering en grondwet; die opstel van ’n konsepgrondwet; magsdeling en stemreg.

Die pad na demokrasie sou egter nie met rose besaai wees nie.

Reeds tydens die opening van KODESA op 20 Desember 1991 is die strydbyl tussen die ANC en die Nasionale Party (NP) opgeneem. President F.W. de Klerk, wat die verrigtinge moes afsluit, het ’n onverwagte aanval op die ANC geloods en gesê dat die party nog nie die gewapende stryd gestaak het nie. De Klerk het verwys na Umkhonto we Sizwe (MK), die militêre afdeling van die ANC, wat toe nog nie ontbind het nie. Die ANC het later beweer dat tydens die D.F. Malan-akkoord wat in Februarie 1991 deur die regering en die ANC onderteken is, waartydens die ANC onderneem het om alle gewapende aksie te staak, ’n geheime verdrag gesluit is wat gestipuleer het dat MK nie ontbind sou word voor die onderhandeling na ’n demokrasie voltooi is nie. Die publiek het niks hiervan geweet nie en die feit dat president De Klerk op ’n openbare geleentheid daarna verwys het, is deur Nelson Mandela as verraad beskou. Mandela het woedend reageer en op ’n tweede spreekbeurt aangedring. Hy het De Klerk daarvan beskuldig dat hy sy posisie misbruik het en dat hy die vertroue in die onderhandelings verbreek het. Hy het vervolg: “Even the head of an illegitimate, discredited minority regime, as his is, has certain moral standards to uphold.” De Klerk het nooit die bestaan van ’n geheime ooreenkoms erken of ontken nie. Die wig wat daardie dag tussen Mandela en De Klerk ontstaan het, het nooit geheel nie (De Klerk 1998:239–42; Terreblanche 2001:21). Die sukses van KODESA het aan ’n dun draadjie gehang.

Die politieke partye wat besluit het om nie aan KODESA deel te neem nie, was die Konserwatiewe Party (KP), die Herstigte Nasionale Party (HNP) en drie kleiner, radikale swart partye, die Pan Africanist Congress (PAC), the Azanians People’s Organisation (AZAPO) en die Black Consciousness Movement (BCM). Die afwesigheid van hierdie partye en die eise van die IVP het gesorg vir gedurige kompromieë wat rondom die onderhandelingstafel aangegaan moes word. Hierdie probleme sou KODESA tot aan die einde ry.

Buite die onderhandelingsforum was daar ook baie verwikkelinge. Die gebrek aan deursigtigheid oor wat tydens die geslote sessies gebeur het, tesame met die apatie wat deur die regse vleuel en die PAC aangeblaas is, het emosies verhoog en spanning laat oplaai by diegene wat geglo het dat hul regte uitverkoop word. Wit ondersteuning het weg van die NP

na die regse vleuel beweeg en die radikalisering en groei van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) het ‘n ernstige bedreiging vir die onderhandelingsproses ingehou. Binne die Afrikanermilieu was die Afrikaners wat vir hervorming gestem het, die “linkses” en die ander 30 persent het hulle as verraaiers gesien wat die land aan die swartes wou uitverkoop.

President De Klerk was bekommerd oor hierdie verwikkelinge en het tydens die opening van die parlement in 1992 die wittes verseker dat hulle nie in toekomstige grondwetlike veranderings misken sou word nie. Op hierdie laat stadium het hy die kiesers dan ook belowe dat hulle op ’n referendum kon besluit of hulle onderhandelings ondersteun, al dan nie. Toe die NP kort daarna tydens ’n tussenverkiesing in Potchefstroom die setel aan die KP afstaan, is die referendumdatum gefinaliseer. Die referendum het op 17 Maart 1992 plaasgevind, en met ’n oorweldigende meerderheid van 68,6 persent het die kiesers ten gunste van die onderhandelinge gestem (Rantete 1998:180).

Die wantroue en vrese het ook na die vroue oorgespoel. Dit was veral konserwatiewe wit vroue wat nooit polities ingestel was nie, wat nou betrokke geraak het. Reeds op 24 Februarie 1990, ’n paar weke na De Klerk se verrassende aankondigings, is ’n vergadering van Dames Aktueel in Bloemfontein, waarop die staatspresidentsvrou, Marike de Klerk, die spreker was, erg ontwrig. ’n Regsgesinde vrou, ’n mediese praktisyn van Bloemfontein, het alles in haar vermoë gedoen om die verrigtinge in die wiele te ry. Reeds voor die vergadering het sy ’n stinkbom stukkend getrap, en tydens die vergadering het sy die staatspresidentsvrou só “met aanvallende politieke vrae bestook” dat sy op ’n stadium deur ander stilgemaak moes word. Sommige van die meer as 600 vroue wat die vergadering bygewoon het, het hul misnoeë uitgespreek oor die “onwaardige gedrag” en gesê dat sy ’n “mooi geleentheid bederf en misbruik het om die Staatspresidentsvrou in verleentheid te probeer bring” (Anon. 1990a:6; Anon. 1990b, s.b.).

In haar toespraak het De Klerk op die voorval reageer en gesê dat sy begrip het vir mense se vrese, onsekerheid en soeke na sekuriteit. Sy het verstaan dat politieke optogte en uitsprake van leiers vroue ontstel het. Sy het vroue probeer gerusstel deur te sê dat blote wetgewing nie sou veroorsaak dat taal en kultuur verswelg word nie. Die regering se optrede van twee weke vroeër, naamlik die ontbanning van die ANC en PAC, het sy verduidelik deur te sê dat die politieke situasie op daardie stadium onbevredigend was, aangesien miljoene mense in vyandskap en opstand leef. Daar is ook melding gemaak van die internasionale isolering van Suid-Afrika en die gevolglike ekonomiese implikasies. Sy het afgesluit met: “[M]nr. Nelson Mandela regeer nie die land nie en die ANC is nie die enigste instansie waarmee die regering sal onderhandel nie.” De Klerk het probeer om die regering se beleid en optrede te verdedig. Haar poging om die ANC se belangrikheid as die hoofonderhandelaar te verminder, getuig egter van politieke naïwiteit. Vir die regse Afrikaners was die NPse veranderings egter revolusionêr en onaanvaarbaar (Anon. 1990a:6; Anon. 1990b:s.b.).

’n Bietjie meer as ’n jaar later was Marike de Klerk eregas by ’n funksie van die Bond van Oud-Pukke en die Potchefstroom Universiteit se Dameskring. Tydens dié geleentheid moes sy ook reageer op ’n insident ’n paar dae tevore in Ventersdorp, ’n regsgesinde sentrum. Die

insident sou later bekend staan as die "Geveg van Ventersdorp" (Victory or violence s.j.). Die gebeure op Ventersdorp is voorafgegaan deur talle botsings tussen die polisie en wit boere nadat swartes op staatsgrond wat aan wit plase gegrens het, plakkershuise opgerig het. Toe die Staatspresident aankondig dat hy 'n vergadering op Ventersdorp sou kom hou, het die KP-beheerde stadsraad van Ventersdorp laat weet dat hy onwelkom is en ook toestemming geweier dat die stadsaal vir die vergadering gebruik word. Die AWB en verskeie ander regse groepe het besluit om die geleentheid te gebruik om hul saak te stel en van oraloor, van so ver as Namibië, op Ventersdorp saamgetrek. Nadat hulle probeer het om die saal waar die Staatspresident sou praat, binne te gaan, is hulle deur polisie gekeer; chaos het gevolg. In die daaropvolgende gevegte is drie AWB-lede dood en 43 polisiemanne en AWB-lede en 15 swartes gewond. Hierdie voorval dui op die erns waarmee die regse wittes die verandering teengestaan het (Anon. 1991:3).

Marike de Klerk het op 'n baie persoonlike wyse op die insident gereageer en haarself by die "saak" ingesluit toe sy gepraat het. "Ná Vrydagaand het ek gedink hoekom doen ons dit? Hoekom verdra ons dit? Ons doen dit omdat ons glo dat dit reg is." Sy het voorts die regering se optrede as 'n goddelike opdrag vertolk: "As 'n mens opkyk na die berge 'vanwaar ons hulp kom', lui die antwoord altyd dat jy horisontaal moet kyk na jou medemens. Dit is die boodskap van die Kruis. Dit is die roeping en die opdrag van die nuwe Suid-Afrika" (Anon. 1991:3). Die NP het apartheid as 'n goddelike opdrag gesien, en op daardie stadium het mev. De Klerk die NPse veranderingsbeleid ook met 'n ietwat onduidelike Bybelse vergelyking regverdig. Dit was uitstekende politieke taktiek, want die Afrikanervrou is oor die algemeen diep gelowig en sou weer oor daardie woorde gaan nadink. Moontlik sou sommige besef het dat dit nasionalistiese retoriek was.

In die weke voor die referendum het meer as 220 swart mense in township-geweld gesterf. Sommige ontleders het die geweld toegeskryf aan die algemene gevoel van paniek. Ander het gesuggereer dat dit wit ekstremiste is wat die geweld aangeblaas het om verwerping van die referendum aan te moedig. Mandela het nie hierdie ronde geweld aan die regering toegeskryf nie (Terreblanche 2001:21).

KODESA 1 het vyf werksgroepe gestig om die weg te baan vir 'n tweede voltallige konferensie, KODESA 2, wat vanaf 15 Mei 1992 gehou sou word. Na drie dae van KODESA 2 het dit duidelik geword dat daar onoorkombare verskille was. Die ANC wou 'n kort periode voor die verkiesings hê, maar die NP wou 'n meer gespesifiseerde en uitgerekte proses hê voordat hulle die mag oorhandig. Voorts het die regering en die IVP geëis dat 75 persent van die verteenwoordigers die nuwe grondwet moes bekragtig. Ook rondom die kwessie van minderheidsregte was daar wesenlike verskille. Daar was geen aanduiding dat die regering die dooiepunt wou verbreek nie; niemand wou toegee nie. Chris Hani, die sekretaris-generaal van die SAKP, het die afgevaardigdes toegespreek en geëis dat dit tyd is dat die regering *exit-gate*; die regering kan nie meer die toekoms van die land dikteer nie – die massas in die straat sal dit doen (Rantete 1998:181).

Die politieke klimaat wat die *Sarie*-artikel voorafgegaan het, was onstuimig en die meeste Suid-Afrikaners was met vrese en onsekerheid gevul. Te midde van hierdie politieke

onbestendigheid het die hoop van miljoene Suid-Afrikaners op die onderhandelaars gerus. Daar was verwagtinge dat na die swaarkry daar verandering sou kom. Daar is veral gehoop dat die geweld sou eindig. Hierdie gebeure is daagliks in koerante gepubliseer en op televisie gebeeldsend.

3. Die *Sarie*-artikel: "Wat maak hulle by Kodesa?"

Dit is dus feitlik onmoontlik dat *Sarie*-lesers, hetsy links of regs van die politieke spektrum, in Mei 1992 onbewus sou wees van KODESA en van alles wat dit behels het, al sou hulle nie in politiek belanggestel het nie. Juis om hierdie rede was 'n artikel met die titel: "Wat maak hulle by KODESA?" (Du Plessis en Swanepoel 1992:42–3) so vreemd. Dit is van die begin af duidelik dat die skrywers van die artikel aangeneem het dat hulle lesers nie erns met KODESA het nie, of oningelig is:

> Vir party mense klink dit soos die naam van 'n nuwe soort kopseerpil; vir ander laat dit dink aan daardie spanningsroman van Frederick Forsyth, *The Odessa File*. En die meeste weet nie eens waarvoor staan KODESA nie.

Die skrywers het op 'n speelse trant voortgegaan:

> Die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika is vir baie mense een van daardie dinge waaroor hulle voel: iets sê vir my dis belangrik, maar dis so ingewikkeld (en vervelig) dat hoe minder ek daarvan hoor en sien, hoe beter. Amper soos sekere vrouens voel oor 'n sportgebeurtenis soos die Curriebeker-eindstryd waaroor mans heeltemal gaande kan raak, maar wat vir hulle, heeltemal tereg, nie die einde van die aarde is nie.

Dié speelse, maar ook aanmatigende en neerbuigende, toon is deurgaans in die artikel gehandhaaf. Hulle het die vroue wat nie veel van KODESA geweet het nie, laat goed voel – dis reg as KODESA hulle nie opgewonde laat nie, want dit is net so onbelangrik as 'n rugbywedstryd, dit is eintlik 'n "simboliese kletsklub" of 'n "familieberaad" na 'n "familietwis" waar almal dan "saam gaan sit en sake uitpraat".

Die lesers is ingelig oor die blomme op die tafels, hoeveel water gedrink is, die kleredrag van die afgevaardigdes, die koekies met teetyd, en baie oorsigtelik watter belangrike mense daar is. Geselekteerde inligting wat volgens die skrywers die lesers sou interesseer.

Die lesers wat dan kwansuis niks sou weet van KODESA nie, is nie ingelig oor wat by KODESA 1 besluit is nie en dat daar op 15 Mei 1992 met KODESA 2 begin is nie. Alhoewel daar kortliks genoem word dat KODESA se doel is om op vreedsame wyse 'n nuwe tussentydse regering daar te stel wat 'n nuwe verkiesing moet reël en dat daar werkgroepe en komitees is, is daar geen besonderhede gegee oor waaroor daar beslissings geneem moes word nie en wat die geskilpunte was in die "grootste politieke indaba" wat nog in die bestaan van Suid-Afrika gehou is nie.

Die skrywers het ook melding gemaak van die nuutgestigte Gender Advisory Committee (GAC), wat KODESA-besluite gemonitor het ten opsigte van die implikasies wat dit vir vroue ingehou het. Die Afrikaanse vertaling, Geslagsake-Advieskomitee, klink vir hulle soos ’n komitee waarop dr. Ruth (’n sielkundige wat in die Afrikaanse gesinstydskrif *Die Huisgenoot* oor verhoudingsprobleme adviseer) behoort te sit. Volgens die skrywers betwyfel manlike afgevaardigdes die waarde van GAC, wat aanvanklik onder voorsitterskap van ’n man vergader het. Hul mening is dat vrouesake meer baat sal vind by vroulike afgevaardigdes soos Frene Ginwala. Hulle erken egter: “Die vroue het nietemin met GAC iets bereik wat feitlik geen aksiegroep in die land tot dusver kon regkry nie: om ’n saak wat streng gesproke nie polities/grondwetlik van aard is nie, by KODESA aanhangig te maak”. Die skrywers sê dus direk vir *Sarie*-lesers dat vroueregte nie aanvanklik op die agenda van KODESA was nie, nie belangrik was nie en eintlik nie daar hoort nie.

In die artikel word geen melding gemaak van spanning of probleme voor en tydens die twee KODESAS wat telkemale tot die uitstel van datums gelei het nie, dat geskille nie in die werkgroepe opgelos is nie, en van agterdog wat voortdurend besluitneming gekelder het nie. Daar word eerder ’n rooskleurige prentjie geskets van gemoedelike “manne” wat met teekoppies in die hand grappies vertel. Die erns van die samesprekinge vir vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika word glad nie aangeraak nie. Die skrywers meld onder andere dat alhoewel enige Suid-Afrikaner met ’n voorstel na KODESA mag gaan, “is die kanse goed dat daar niks van sal kom nie”.

Hierdie artikel in *Sarie* het amper te laat verskyn, want ’n maand later, ná die Boipatong-slagting in Junie 1992, waartydens lede van die IVP 46 inwoners van Boipatong vermoor het, het KODESA 2 verbrokkel. Die ANC het die regering van aandadigheid beskuldig en die onderhandelingstafel verlaat.

Wie lees die *Sarie*? Toe *Sarie (Marais)* in 1949 gestig is, aanvanklik as alternatief vir die sensasiewekkende *Rooi Rose*, het die destydse hoofbestuurder van Naspers, dr. Chris Albertyn, die teikenlesers as “die ontwikkelde Afrikaanse vrou en dogter” identifiseer (Slabbert 1992:198).[2]

Van meet af aan was *Sarie* anders as ander vrouetydskrifte – sy het tot 1994 manlike redakteurs gehad (De Vaal 2007:53). Vermoedelik was dit die rede hoekom die wêreldwye golf van feminisme in die sewentigerjare nie in *Sarie* weerspieël is nie. Slabbert (1992:200) merk op: “Die *Sarie* van die sewentigerjare is intens bewus van haar eie belewenis van vrouwees in al sy verskillende aspekte, maar sy is koud gelaat deur die beweging wat vroue oor die hele aarde geraak het.” Daarteenoor was *Fair Lady* in die apartheidsjare sosiopolities betrokke en het dit onderwerpe soos die noodtoestand, sterftes van swart kinders op die platteland, sensuur en diensplig aangedurf (De Vaal 2007:53).

Alhoewel *Sarie* nie dikwels politieke artikels geplaas het nie, is daar tog sedert die sewentigerjare al meer leesstof vir die beroepsvrou geplaas en is onderwerpe soos feminisme en politiek bespreek (Van der Vyver 1987:185).

As daar dan wel soms artikels met ’n politieke inhoud geplaas is, waarom is daar van meet af aan deur die skrywers van die genoemde artikel aangeneem dat *Sarie*-lesers so oningelig sou wees oor hierdie belangrikste politieke gebeurtenis? Was hul aanname geregverdig of nie? Het Afrikanervroue dus nie in politiek belanggestel nie?

4. Die politieke agtergrond van die Afrikanervrou

Hermann Giliomee het in 2003 die stelling gemaak dat Afrikanervroue in al die belangrike politieke ontwikkelings van die Afrikaner se geskiedenis ’n rol gespeel het (Giliomee 2003:1). Tot ongeveer 1902 kan daar inderdaad enkele voorbeelde aangedui word waar die Hollands/Afrikaanse vrou haar op die politieke toneel begeef het. Maar afgesien van die (grootliks onsuksesvolle) pogings tydens die Anglo-Boereoorlog om mans te motiveer, was die vrou se politieke rol minimaal.

Tydens die eerste vier dekades van die 20ste eeu het die veranderende politieke, ekonomiese en sosiale toneel in Suid-Afrika ’n groot invloed op die Afrikanervrou gehad. Afrikanernasionalisme en die armblankeprobleem wat deur die Groot Depressie vererger is, het nuwe uitdagings en rolle aan die Afrikanervrou toegedeel.

4.1 Tot 1940: Die Afrikanervrou as aktiewe nasionalis?

Na 1902 en die herlewing van Afrikanernasionalisme word die term *volksmoeder* gebruik om die Afrikanervrou van daardie periode te beskryf. Die “volksmoeder” as moeder-in-diens-van-die-Afrikanervolk, óf die vrou as moeder-van-die-Afrikanervolk, hoe daar ook al na verwys word, word gebruik om die Afrikanervrou se rol in die samelewing in die 20ste eeu te verklaar. Hier word gedink aan haar aandeel in die versterking van Afrikanernasionalisme en (met die oog op hierdie navorsing) haar politieke rol.

Elsabé Brink ondersteun die aanklag dat dit ’n manlik-gemanipuleerde rol is (1990:279). Sy beweer dat mans die skeppers van die “volksmoeder”-ideologie was en dat dit saamgeval het met die herlewing van Afrikanernasionalisme (1990:279). Volgens Brink het manlike Afrikanerhistorici, soos Willem Postma in *Die boervrouw, moeder van haar volk*, en Eric Stockenström in *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, die Afrikanervrou as “volksmoeder” histories fundeer.

Alhoewel die Afrikanerman se rol primêr was om die instrument te wees wat die wil van God implementeer het, is die Afrikanervrou, alhoewel onderdanig, veredel en gesien as die bron van morele versterking. Veral met verwysing na die Voortrekkervrou en die vroue in die Boereoorlog, is die vrou met teenstrydige kwaliteite voorgehou: aan die een kant was sy sterk, met ’n veggees en uithouvermoë, maar aan die ander kant het sy eienskappe soos weerloosheid, delikaatheid en verfyndheid besit. Sy het reinheid simboliseer en daarmee saam ook rassesuiwerheid bewaar en krag en dapperheid tydens moeilike tye openbaar. President M.T. Steyn het tydens die opening van die Vrouemonument verwys na die “krag

van swak vroue wat sulke heldinne kon oplewer". Sy was die vrou aan wie God die taak toevertrou het om Afrikanerkinders groot te maak en om die jonger geslag met die liefde vir hul taal en kultuur te inspireer. Die ideale vrou sou ook haar volk, net soos 'n moeder haar kind, koester (Moodie 1975:17; Cloete 1992:48–9). Die "volksmoeder" is deur Afrikanernasionalistiese historici veredel – 'n beskrywing wat inderdaad nie vergesog is nie, want tydens die vrouestemregkwessie is dit weer deur Afrikanermans gebruik om hul afkeer te regverdig.

In meer onlangse navorsing word die "goedkeurende" hand van die vrou in die diskoers gesien: sy het dit aanvaar en daarop voortgebou.

Daar is ook die vertolking dat sy dit self geskep het. Louise Vincent ontleed die Nasionale Vroueparty (NVP) en die Klerewerkersunie om te bewys dat Afrikanervroue aktiewe agente van nasionalisme was (1997, veral hoofstukke 5–7). Ook Marijke du Toit (1996:352–3) het bewys dat welsynsverenigings soos die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) en die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), wat tradisioneel nie as "polities" beskou is nie, deur Afrikanervroue tot voordeel van die groei van die Afrikanervolk gebruik is, en dus as polities gesien kan word. Hulle het die Afrikanervrou se rol as moeder polities en etnies tot die "volksmoeder"-model omvorm. Alhoewel Afrikanervroue, spesifiek die ACVV-vroue, hulle volgens Du Toit versigtig van die stemregbeweging distansieer het, het hulle wegbeweeg van die tradisie dat die vrou in die huis moet bly, en hul plek in die openbare arena bevestig.

Lou-Marie Kruger se gevolgtrekking is meer gebalanseerd. Sy meen (1991:338) dat dit in die belang van Afrikanernasionalisme was dat mans sekere identiteite en rolle vir Afrikaanse vroue geskep het ten einde belangrike funksies te vervul. Terselfdertyd was vroue, beïnvloed deur Afrikanernasionalisme, aktief in die vorming daarvan. Terwyl hulle aan die antifeministiese diskoers van Afrikanernasionalisme onderworpe was, was hulle mobiel in die diskoers en het hulle altyd nuwe moontlikhede geskep. Kruger ontken dus dat vroue in die diskoers passief was, maar voer aan dat hulle aandadig was aan die vorming van hul eie identiteite en rolle. Hierdie rolle het egter altyd binne 'n groter sosiale realiteit gebly, naamlik binne die perke van die patriargale diskoers van Afrikanernasionalisme, en kon nooit enige werklike bevryding of bemagtiging aan die vrou beloof nie. Daar moet met Grundlingh (2002:32) saamgestem word dat die konsep *volksmoeder* vloeibaar is, dat dit inderdaad nie in yster gegiet is nie. Wat seker is, is dat toe Afrikanernasionalisme gedurende die 1930's stoom opgetel het, dit die vrou se stem verdoof het en sy ingeperk is in die rolle wat Afrikanerpatriargie gepas het.

Die stemregveldtog is hoofsaaklik deur Engelssprekende vroue gevoer, maar daar was tog heelwat Afrikanervroue wat voorstanders van vrouestemreg was. 'n Voorbeeld is die vroue in die familie van president M.T. Steyn. Die familie se verblyf in Europa kort na die Anglo-Boereoorlog het hulle aan progressiewe invloede blootgestel. Tibbie Steyn was in aanraking met feministe soos Emily Hobhouse en dr. Aletta Jacobs van Nederland, wat aktiewe propagandiste vir vrouestemreg was. Die gevolg was dat die Steyn-dogters, Gladys en Emmie, hulle reeds op vroeë ouderdom (Gladys reeds op 11-jarige ouderdom) met die

vrouestemregbeweging vereenselwig het. Dit was egter 'n progressiewe houding onder Afrikanergeledere, want die meer konserwatiewe Afrikanervrou het op daardie stadium nog gewillig by die sterk partriargale strukture van die Afrikanersamelewing, waar die man die vrou se voog was en dus namens haar moes stem, ingepas. Hierdie vroue het geglo dat nie die parlement nie, maar wel die huis, die plek was om euwels te bestry. Volgens hierdie vroue was "die vrou se ware lewenskrag haar huis [...] haar goddellike roeping moederskap!" (Truter 1997:12, 107–8).

Alhoewel kritiek uit Afrikanergeledere teen die vrouestemreg uiteenlopend was, het dit hoofsaaklik op twee hoofbesware neergekom: eerstens die *pedestal*- (voetstuk-) gedagte dat die vrou ’n verhewe posisie beklee en dat toetrede tot die openbare lewe haar daarvan sal laat tuimel; tweedens die Bybelse verklaring dat die vrou as moeder onderdaning moet wees. Hierdie besware het veroorsaak dat die meeste Afrikanervroue nie vir politieke regte gevra het nie.

Die Rebellie wat tussen 1914 en 1915 plaasgevind het, het politieke spanning en verdeeldheid tot gevolg gehad. Die inhegtenisneming van die rebelleleiers het die simpatie van vroue dwarsoor die land aangegryp. ’n Dameskomitee is in Pretoria gestig om rebelleleiers wat in die Sentrale Gevangenis opgesluit was, by te staan en hul lot so ver moontlik te versag. Hierdie komitee het op aandrang van Hendrina Joubert, die eggenoot van genl. Piet Joubert, besluit om ’n vroue-optog te reël om vir die loslating van die rebelleleiers te pleit. ’n Oproep is in koerante gedoen dat elke dorp ’n komitee moet stig om afgevaardigdes te kies en petisies vir ondertekening te sirkuleer. Die resultaat was oorweldigend (Van Rensburg1996:115).

Op 4 Augustus 1915 het 6 000 afgevaardigdes, wat 65 000 vroue uit alle dele van die land verteenwoordig het, en gewapen met 40 000 handtekeninge, na die Uniegebou gestap. ’n Versoekskrif is aan die Goewerneur-generaal voorgelê, maar hy het nie die konstitusionele mag gehad om op te tree nie. Die rebelle se strawwe is later verminder: genl. Christiaan de Wet is reeds in Desember op parool vrygelaat en die ander politieke gevangenes binne ’n jaar (Malan 1975:42). In die woorde van Hendrina Joubert: “De dochters van Zuid-Afrika zijn ontwaakt!” (Van Rensburg 1996:115). Dit was die eerste massabeweging van Afrikaanse vroue.

In watter mate die vroue-optog gehelp het om die strawwe te verkort is onduidelik, aangesien die eerste minister, Louis Botha, as voormalige Boeregeneraal baie simpatie met die rebelleleiers gehad het. Volgens Tibbie Steyn het Botha die vroue-optog as ’n politieke set gesien waaruit die NP “politieke munt” geslaan het (Truter 1997:139). Daar is dus reeds deur tydgenote vermoed dat vroue as “volksmoeders” ’n politieke rol vir die Afrikanersaak vertolk het.

Voortspruitend uit die vroue-optog was die Helpmekaarbeweging wat in 1915 deur ondersteuners van die Rebellie gestig is om die boetes en siviele eise wat teen die rebelle ingestel is, te betaal. Vroue het hulle volle gewig by die fondsinsameling ingegooi en sommige dorpe het selfs afsonderlik vrouetakke gehad. In die Kaapprovinsie is ’n Nasionale

Vroueweldadigheidsgenootskap gestig en in Natal die Nasionale Vroue Helpmekaar-vereniging (Malan 1975:45).

Nog ’n uitvloeisel van die vroue-optog van 1915 was die Nasionale Vroueparty (NVP), wat in 1915 gestig is as vereniging waardeur vrouens hul politieke strewe, naamlik Afrikanernasionalisme, kon uitleef. Alhoewel nie aktief betrokke in die formele politiek nie, het die vroue deur sorgvuldige keuse van hul projekte die Afrikanersaak gesteun. ’n Voorbeeld is die Moederfonds wat gestig is omdat hierdie vroue bekommerd was oor die aantal Afrikanerkinders wat tydens geboorte gesterf het. Die vroue was ook betrokke by “praktiese politiek” en het byvoorbeeld vir rasseskeiding, tweetaligheid en meer werksgeleenthede gepleit. Volgens die grondwet was die doel ook welsynswerk, delging van rebelleskuld en “om te waak oor die nasionale opvoeding van ons kinders”. Hulle het ook ’n verkiesingsfonds ter ondersteuning van die NP gehad (Van Rooyen 1972:347–8).

Dat die NVP as hulp vir die NP opgetree het, is sonder twyfel waar. Vincent (1999a:8) maak die stelling dat die NVP ’n stemregorganisasie was. Die NVP was egter nie aanvanklik ’n stemregbeweging nie. Politieke bewustheid onder Afrikanervroue het geleidelik toegeneem, met die gevolg dat daar in Transvaal mettertyd druk was om op die gebied van praktiese politiek meer seggenskap te kry, en die vroue het hulle in ’n sekere mate met die vrouestemregbeweging begin versoen (Stockenström 1944:292).

In 1929 is die NP met ’n groot meerderheid herverkies; in Maart 1930 het J.B.M. Hertzog die vrouestemregwetsontwerp geloods, en op 19 Mei 1930 het dit wet geword (Van der Walt, Wiid, Geyer en Krüger 1964:522). Dit is ironies dat Hertzog aanvanklik nie die stemreg aan wit vroue wou gee nie, omdat hy dit dan ook aan die swart vroue sou moes gee, maar uiteindelik het hy dit aan wit vroue gegee sodat hulle die verskanste swart stem kon uitstem!

Kort na die toekenning van die stemreg aan vroue is daar deur die NP voorgestel dat die NVP met die “manneparty” moet saamsmelt. Alhoewel uiters onwillig, moes hulle uiteindelik onder die druk van Hertzog swig. Hy het onder andere aangevoer dat indien nie, dit tot die skeuring van die party sou lei (Malan 1975:50–3, 62).

Du Toit (1992:2) maak die stelling dat “the Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) demonstrates that women were not simply the ’volksmoeder’ figure-heads of Afrikaner nationalism, but actively participated in its construction”. Die vraag wat ontstaan, is: Hoe het die vroue van die ACVV, ’n Christelike welsynsvereniging, “politieke werkers” geword?

Die ACVV se teikengroep was die verarmde Afrikaner. Die ACVV het gedurende die tydperk toe ekonomiese transformasie die sosiale samestelling van die Afrikanergemeenskappe bedreig het, daarin geslaag om Afrikaanssprekendes in vroue-ondersteunende en kerkgesentreerde gemeenskapstrukture in te trek. Sodoende sou hulle meer toeganklik vir nasionalistiese invloede in die openbare arena wees. Met die organisasie se uitgebreide netwerk oor Kaapland het ACVV-vroue ’n belangrike rol in die transformasie van die armblanke tot “ware Afrikaners” gespeel (Du Toit 1992:19).

Hierdie vroue het geglo dat hulle ’n bydrae kon lewer tot Afrikanernasionalisme terwyl hul organisasie onafhanklik van manlike beheer, of die patriargale gemeenskap, gebly het (Du Toit 1996:361). Die ACVV se finansies en strukture was van die begin af onafhanklik van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk, maar die kerk het toenemend druk op die vrouevereenigings geplaas om onder die sinode se beheer te kom. Die ACVV-leiers het dit ervaar as ’n poging van Afrikanermans om beheer oor vroue uit te oefen, maar volgens M.E.R. (M.E. Rothmann) wou hulle “onder suiwer vroue-leiding bly” (Du Toit en Krog 1994:22).

Tydens die Afrikaner Volkskongres van 1934 het die afvaardiging van die Federale Vroueraad, die gekombineerde raad van die welsynsorganisasies van die toenmalige vier provinsies, onder andere voorgestel dat alle welsynswerk in Suid-Afrika, hetsy regering, kerklik, plaaslik of professioneel van aard, asook die Afrikaanse vroue-welsynsorganisasies, moet koördineer en dat vroue op bestuursvlak daarby betrokke moet wees. Hul raad is gevolg: manlike politici het, met insette van die NG Kerk, wel ’n afsonderlike departement volkswelsyn gestig – maar sonder vroue aan die hoof – vroue kon welsynswerkers word, maar is nie toegelaat om by staatsbeleid inspraak te hê nie (Du Toit 1996:359–60 en 362).

In die Klerewerkersunie,[3] die militante vakbond vir die tekstielbedryf, het Afrikanervroue belangrike posisies ingeneem en die tradisionele konsep van vrouwees geïgnoreer (Berger 1992:104).Die belangrikste poste is deur Afrikanervroue gevul: Anna Scheepers het in 1938, op 24-jarige ouderdom, president van die unie geword, ’n pos wat sy effektief tot haar aftrede in 1984 beklee het. Maggie Kruger was visepresident, Johanna Cornelius was die nasionale organiseerder en haar suster, Hester, sekretaris van die Germistontak, om net ’n paar te noem (Vincent 1999b:63). Vroue het geleer om selfgeldend op te tree en op verandering aan te dring, met die gevolg dat vrouewerkers in die klerebedryf teen die laat 1930’s die hoogsbesoldigste in die tekstielbedryf was (Brink 1987:198). Met hierdie optrede het hulle direk in opstand gekom teen die patriargale konsep van die man as die broodwinner, want in sommige gevalle was hulle selfs die enkelbroodwinners. Deur hulself tydens verskeie geleenthede met die Voortrekkervroue en hulle veggees te vergelyk, het hulle indirek die “volksmoeder”-ideologie herskryf: die eens onderdanige vrou het ’n vegter vir eie behoud geraak (Brink 1990:289–90).

Met die 1938-eeufeesvierings van die Groot Trek, wat Afrikanernasionalisme geweldig gestimuleer het, nog vars in die geheue, was baie Afrikaners ontevrede met Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog in Europa. Afrikaners as groep het nie die oorlog geboikot nie, want meestal aangespoor deur geldelike oorwegings, was ongeveer die helfte van die aktiewe magte Afrikaners. Daar was egter verskeie besware van Afrikanerkant, want afgesien daarvan dat dit vir baie onaanvaarbaar was om aan die kant van Engeland te veg, het die regering begin dwang toepas om sogenaamde vrywilligers te werf deur byvoorbeeld te dreig met ontslag, verplasing of gedurige viktimisasie, wat baie met geen ander keuse gelaat het as om te gaan veg nie.Ander besware was die verengelsing van die staatsdiens en petrolrantsoenering.

Op 22 Junie 1940 het altesaam 9 800 vroue in gelid na die Uniegebou geloop, waar aan die Eerste Minister 'n versoekskrif met bogenoemde besware oorhandig sou word – 3 968 vroue het telegramme gestuur en 'n verdere 3 829 vroue se handtekeninge is op petisies ontvang (Anon. s.j.). Daar word beweer dat die optog spontaan gereël is – dat in die kort tydjie vanaf die eerste vergadering op 17 Junie tot die optog self op 22 Junie, alle reëlings met die hulp van die Afrikaanse pers getref is. Daar is beklemtoon dat die betoging totaal ontbloot moes wees van enige politieke kleur en in 'n gewyde atmosfeer moes plaasvind.

Dit is baie moeilik om agter die werklike dryfveer van die vroue-optog van 1940 te kom. Het hierdie duisende vroue gedwee in gelid gestap op bevel van die mans of was hulle selfgedrewe? Hierdie blatante politieke optrede, waarin so 'n groot getal vrouens in 'n protesoptog deelgeneem het, het weinig vermelding in die geskiedenisboeke gekry.

Aan die einde van hierdie periode, 1902 tot 1940, is daar inderdaad tekens van vroue wat 'n politieke rol gespeel het. Met geïsoleerde aktivistiese optredes van die vroue-optogte van 1915 en 1940, asook die militantheid van die vakbondvroue, het Afrikanervroue hoofsaaklik die veilige ruimte van die liefdadigheidsterrein gebruik om hul politieke voorkeure te laat geld. Afrikanervroue se betrokkenheid in die stemregbeweging was op aandrang van die mans en na bewering ook so in die geval van die optogte van 1914 en 1940. Alhoewel die Afrikanervrou se politieke stem gehoor is, het dit selde gebeur en het dit gedemp oorgekom.

4.2 Ná 1940: Die Afrikanervrou as onbetrokke nasionalis?

Die vroue-optog van 1940 was die laaste openlike politieke verset van die Afrikanervrou. Veertien jaar nadat die stemreg aan vroue verleen is, het Stockenström (1944:440-1) opgemerk dat die vrese van die teenkanters van die vrouestemreg nie bewaarheid is nie. Inteendeel, die vrou se politieke bydrae was teleurstellend en die vrouebeweging, waarin die Afrikanervrou slegs 'n baie klein rol gespeel het, het feitlik van die toneel verdwyn.

Die oes was inderdaad skraal. Tussen 1933 en 1981 is net vyf Afrikanervroue tot die parlement verkies (Giliomee 2003:17). Daar was egter die uitsonderings, soos Martha Mabel Jansen, wat as vurige nasionalis geweier het om haar man, adv. E.G. Jansen, toe minister van naturellesake, in sy ondersteuning van genl. Hertzog te volg. Sy was voorheen leidster van die NVP in Natal en het vir baie jare in die bestuur van die NP in Transvaal gedien. Hierdie "gesoute politikus" was 'n onsuksesvolle kandidaat van die NP in 1938 (Van Rooyen 1972:348–9). Haar selfgeldingsdrang was egter 'n uitsondering in Afrikanergeledere.

Afrikanervroue in die vakbonde was nog tot in die 1980's polities aktief. In 1948 het die NP die regerende party geword. Volgens M.E. Rothman was die direkte oorsaak vir die Afrikanervroue se gebrek aan belangstelling in politiek dat Afrikanermans, toe dit goed gegaan het met Afrikanernasionalisme, vroue opsy geskuif het (Rothman 1972:228). Die vroue was nie meer nodig om Afrikanernasionalisme te bevorder nie en terselfdertyd is die onafhanklikheid van die vrou ook aan bande gelê.

Daar is egter talle redes, wat in meeste gevalle inmekaar verweef is, waarom die Afrikanervrou ná 1948 nie in die politiek belanggestel het nie.

4.2.1 "Dis nog maar 'n manswêreld"; of word dit patriargie genoem?

Tydens 'n simposium, "Die vrou in die politiek", wat in 1974 deur die Nasionale Vroueklub van die parlement gehou is, was die skrywer en vorige assistent-redaktrise van *Sarie*, Alba Bouwer, een van die sprekers. In haar toespraak het sy die volgende stelling gemaak: "Ons Boermense glo gelukkig nog aan die huwelik as instelling en aanvaar dat die man die hoof van die gesin moet wees, omdat dit fisiologies, sielkundig, ekonomies en prakties natuurlik is" (Bouwer 1975:11–3). Bouwer het dus die patriargale stelsel goedgekeur.

Wat behels 'n patriargale stelsel? Die eenvoudigste verklaring van *patriargie* is 'n lewe onder die reëls van die vader, of 'n sosiale struktuur waar die manlike ouer die hoof van die familie is. Dit word verder uitgebou as die organiseer van die wêreld waarvolgens die man besit neem van alles en die vrou een van die besittings is. Meer ekstreem is patriargie 'n instelling wat manlike oorheersing oor vroue in die huis en in die gemeenskap bepaal. Dit kan ook beskou word as 'n gesigspunt wat aan manlike belangstellings en gesag voorkeur gee en rolle hiërargies organiseer sodat dit die tipies manlike rol begunstig (Lombard 1992:39–42).

Vir die Afrikaner was nasionalisme in godsdiens gefundeer, wat beide die man en die vrou se rol bepaal het. Die vergelyking tussen die Afrikaner en die Bybelse volk, Israel, is bekend (Moodie 1975). Dit was dan juis die lotgevalle van die volk van Israel wat vir die Afrikaner belangrik was. Afgesien van die feit dat die Bybel androsentries is, met ander woorde manlik gesentreerd, was Israel 'n patriargale gemeenskap: die God van Israel was die God van Abraham, Isak en Jakob – gevolglik was patriargale onderwerping van die vrou deur die man die wil van God (Lombard 1992:43). Christina Landman (1994:15) meen dat die grondslag vir hierdie patriargale, nasionalistiese teologie verskaf is deur Afrikanermans wat in Nederland gaan studeer het en onder die invloed van die ultrakonserwatiewe patriargale teologie van Abraham Kuyper gekom het.

Die Afrikanerpatriarg se rol is gesien as die beliggaming van die "hoogste geestelike waardes" van die "Afrikanernasie" wat onder andere die "innerlike kultuur van die volk, sy geestelike adel, godsdienstigheid, sedelikheid, volkstrots, rassebewustheid […] en wat daar ook al skoon en edel en mooi en goed in die karakter van die jong nasie was". Die patriarg was ook "die beliggaming van die strenge konserwatisme […]. Hy het die nuwerwetse en die volksvreemde afgeweer" (Cronje 1968:102). Afrikanerpatriargie was as instelling só diep verskans dat dit in die politieke, sosiale en ekonomiese lewe verweef is.

Deborah Posel beweer dat daar binne patriargale strukture 'n mate van mag vir die vrou toegelaat word – solank dit die manlike outoriteit onaangetas laat (1991:15-6). Dit is inderdaad die geval dat in Afrikanerhuise patriargie botoon voer, maar in dieselfde huise het vroue genoeg seggenskap om nie werklik onderdruk te voel nie, solank die buitewêreld sien dat die "kroon op die man se hoof is". Dikwels word hierdie patriargale bestaan nie noodwendig deur die man forseer nie, maar word dit veronderstel.

Alhoewel Bouwer (1975:11-8) die patriargale stelsel goedgekeur het, was sy ook bewus van die nadele van die stelsel. Sy meen dat in die politiek en die sakewêreld die man nog nie die vrou se volle potensiaal erken het nie; dat daar min mans in die staatsdiens en in die sakewêreld was wat bereid was om as ondergeskikte van ’n vrou te werk of van ’n vrou opdragte te aanvaar.

In ’n artikel in *Sarie* van Julie 1992 (Wessels 1992:42–3) word die volgende aanklag deur die artikelskrywer, Carlien Wessels, gemaak: “Dis nog maar ’n manswêreld.” Sy verskaf ’n voorbeeld van ’n vrou wat haar beskikbaar wou stel as politieke kandidaat vir ’n tussenverkiesing. Haar manlike teenstander het haar persoonlik aangeval met beskuldigings dat sy nie met ’n man en kinders voldoende aandag aan die politiek sou kon gee nie. Die jare wat sy by die huis gebly het om kinders groot te maak, het sy uit voeling met die res van die wêreld geraak, was die volgende aanklag. Sy is só geïntimideer dat sy haar drome laat vaar het. In dieselfde artikel word daar talle voorbeelde van diskriminasie teen vroue verskaf: maatskappye sien vroue nie as ’n goeie belegging nie, gevolglik word slegs 17 persent van poste op bestuursvlak deur vroue beklee, en dit meestal middelvlakposte wat nie uitvoerende mag behels nie; vroue wat uit bevorderingsposte gehou word; feitlik geen vroulike skoolhoofde nie; die Broederbond wat “broeders” bevoordeel; en vele meer. Die slotsom is dat vrouens in die manswêreld nie ’n kans staan nie, nie in die politiek nie en ook nie in ander beroepe nie.

Truida Prekel, ’n bestuurskonsultant, noem bogenoemde voorbeelde van diskriminasie “eksterne probleme” en beweer dat mans dit nie doelbewus doen nie, maar dat dit ’n onbewustelike voortsetting van paternalisme is (Prekel 1994:12–4). Die skrywer en letterkundige Joan Hambidge het in 2004 van “ingewortelde paternalisme” gepraat toe daar melding gemaak is dat damestudente nog steeds op aanbeveling van hul ouers ’n “trouman” soek (Hambidge 2004). Prekel onderskei tussen die Protective Paternalistic Gentleman (PPG) en die Male Chauvinist Pig (MCP). Die sinspeling is dat Afrikanermans “PPG’s” is, en dit word bevestig deur Jane Raphaely, redakteur van *Cosmopolitan*, se mening oor die mans in Nasionale Pers: “Afrikaanssprekende mans […] is verbasend beskermend en ouwêrelds hoflik” (in Van der Vyver 1987:180). Vir die meeste vroue is sulke gedrag aanvaarbaar en dit laat hulle gekoester voel; daarteenoor laat chauvinistiese gedrag vroue minderwaardig voel, maak hulle kwaad en laat hulle oorreageer. Maar dit is ook gewoonlik die “PPG” wat soms onbewustelik diskriminasie toepas en lippediens doen ten opsigte van gelykheid, aldus Prekel (1994:13).

Volgens Prekel (1994:14) is “interne probleme” van die vrou self afkomstig, byvoorbeeld dat hulle nie in hul eie vermoëns glo nie, onsekerheid of hulle net vir ’n inkomste wil werk en of hulle ’n loopbaan wil bou, en ’n gebrek aan selfgelding, inisiatief en dryfkrag. As gevolg van hierdie onsekerheid raak vroue hipersensitief en word hul gevoelens maklik seergemaak; en gevolglik, soos in die geval van bogenoemde aspirantpolitikus, onttrek hulle. Die meeste vroue word volgens haar deur ’n kombinasie van eksterne en interne probleme teruggehou.

Om vroue te manipuleer pas Afrikanermans dikwels ’n hele paar tegnieke toe, wat hier onder toegelig word.

4.2.2 Die beklemtoning van vroulikheid of die beklemtoning van die verskille tussen man en vrou

Tydens dieselfde simposium van 1974 het dr. N. Diederichs, die destydse minister van finansies, die verskille tussen mans en vroue beklemtoon, naamlik: “Die man het te doen met die meer verstandelike, die man het te doen met die meer uiterlike van die volk. En u het te doen met die innerlike, die waardesy, die onsienlike, die gevoelsmatige, die intuïtiewe wat in die politiek nodig is” (Diederichs 1975:22). Diederichs se opdrag aan die vrou is dat sy met al haar spesiale eienskappe soos ’n “filtreerbuis” moet wees waardeur die volkslewe moet gaan sodat dit alles “behou wat goed en reg en blywend en ewig en skoon en edel is, wat eie aan daardie volk is”.

Hierdie veredeling van die vrou herinner aan die woorde van Stockenström (1944:46): “die eeue-oue pedestal-idee, waardeur dit vir vroue as onbetaamlik beskou was om hulle in die harwar van die politiek te begewe”. Diederichs (1975:22) wys daarop dat politiek vuil is, maar as die vrou haar daarin begewe, “moet sy nie daar gaan sit soos ’n man nie, die werk doen wat ’n man doen nie, maar dat sy dit met die kenmerkende eienskappe en kwaliteite wat ’n vrou alleen besit, doen”. Hy waarsku dat “[w]anneer sy nie meer vrou is nie, wanneer sy die taak van die man wil verrig, dan verloor sy daardie gevoelsvermoë en daardie intuïtiwiteit, dan verloor sy daardie eienskappe waarvoor ons haar werklik nodig het”. Die boodskap wat oorgedra word, is dat die vrou nie soos die man kan en mag wees nie. Mens wonder hoe Diederichs se referaat deur die hoofsaaklik vrouegehoor ontvang is; met die een hand word gegee – sy is goed in gevoelsake – en met die ander hand word ’n aweregse hou uitgedeel – sy is nie goed met die verstandelike nie. Die meeste vroue het hulle egter hierdie rol laat welgeval. In die woorde van Marjorie Ferguson: “Being ‘good’ at being a woman involves doing womanly things at regular and appointed times” (Ferguson 1983:7).

Tydens dieselfde simposium het sen. Jan de Klerk, president van die senaat, hulde gebring aan twee vrouesenatore. Hy het die volgende van Mathilda Koster gesê: ”[O]ns mans in die senaat was dit eens dat sy vergelykbaar was met enige manlike lid wat debatteerkrag en lewering van ’n toespraak betref.” Ongetwyfeld was die doel om haar aan te prys, maar deur haar te meet aan manlike kollegas, van wie sommiges ongetwyfeld treurige redenaars was, demonstreer hy sy vooroordeel dat die vrou nie beter as die man kan wees nie. Ook so in sy huldeblyk aan Tibbie Visser: “Sy was ’n kranige voorvegter vir die regte van vroue, maar dan nie vir die ‘mannetjiesvrou’ nie, maar die Afrikaanse vrou en moeder, wat haar taak en roeping verstaan en rustig haar bydrae gelewer het” (De Klerk 1975:64). Vir die meeste Afrikanermans en -vrouens was dié patriargiale retoriek so diep gewortel dat hulle dit waarskynlik nie eers agtergekom het nie.

Wat die Afrikaner-politici dus gedoen het, was om vroue te stereotipeer en om die nie-stereotipe, die sogenaamde “mannetjiesvrou” (ook later na verwys as die “Margaret Thatcher-sindroom”, waarvolgens sommige vroue geleer het om die spel selfs beter as mans te speel), ’n negatiewe konnotasie te gee en ook as die uitsondering af te maak.

Dié stereotipering van geslagte is nie vir alle mans aanvaarbaar nie. Franklin Sonn het die volgende stelling gemaak: “Die menslikheid van sowel mans as vroue word verwring deur mans net in positiewe of dominante rolle voor te stel, en vroue net in negatiewe of passiewe rolle” (Van der Vyver 1987:226–7). Kate Jowell het dieselfde begrip anders verduidelik: manlike stereotipes soos die geharde onemosionele, analitiese besluitnemer is ’n skaars spesie. Sy meen dat suksesvolle mans dikwels intuïtiewe, kreatiewe of selfs emosionele eienskappe het – eienskappe wat gewoonlik as eerder “vroulik” as “manlik” bestempel sal word (Van der Vyver 1987:226–7).

Alba Bouwer het ’n opmerking wat M.E. Rothman al in 1923 gemaak het, herhaal: “Hulle (die mans) kan maar nie gewoon (sic) raak aan die gedagte van ’n gelyk-optredende vrou nie. Hulle beskou ons nog as ’n ander soort mens, en dit bewys hulle deur ons gedurig te prys en te vertel en herhaal en weer te vertel hoe goed en knap ons is, en hoeveel beter as hulle. Sou dit waar wees?”. Sy vra dan ook: “Prys die mans mekaar ook so?” (1975:12–3). Hierdie optrede van mans, die (valse?) ophemeling van die vrou, sluit aan by die *pedestal*-gedagte, maar uiteindelik word die verskille tussen die twee geslagte daarmee beklemtoon.

Dit is ironies dat die hoog-geprese “tipies vroulike eienskappe” waarmee Afrikanernasionaliste die vrou eerder tuis wou hou, haar juis ’n paar jaar gelede in aanvraag op die arbeidsmark gemaak het. Met “tipiese vroulike eienskappe” kon sy ’n unieke bydrae maak. Maar weer eens het die mans dit omgeswaai – manlike kollegas, wat sekerlik bedreigd gevoel het, het die gesogte eienskappe, soos vroulike intuïsie, vroulike logika en aandag aan besonderhede, as uiterse onsin en tydmors afgemaak (Moolman 1984:114).

4.2.3 “Agter elke man ...”. Die Afrikanervrou agter die skerms

Met die verskille van die manlike en vroulike rol in die politiek uitgesorteer, wat mag die vrou dan doen? Volgens Van Rooyen (1972:356–7) hoef die vrou se plek nie in die wetgewende liggame te wees nie, maar “[g]aan kyk maar hoe die verkiesingskantore van alle partye vol vroue sit wat met adresse, kaartjies, korrespondensie ens, besig is [...]. Die vroue help die geld vir die organisasie insamel en maak die kos en die koffie.” Hy ken dus aan die vrou ’n party-ondersteunende rol toe. Connie Mulder, die politikus, het ondersteuning tuis gesoek (Mulder 1975:26–9): “Vir my moet die huis ’n snoesige hoekie wees waarheen ek kan terugkeer van die storms van die lewe en waar ek opnuut ongehinderd myself kan terugtrek, kragte kan versamel om weer die vyand te kan gaan aandurf as dit nodig is.” Hy beklemtoon ook dat namate die man se posisie toeneem, des te meer moet die vrou se ondersteuning toeneem. Mulder formuleer die vrou se politieke rol soos volg in sy bydrae by die simposium:

> Ek vra dus insig, en daarmee saam kom kennis, en daarmee saam kom navorsing, belangstelling in die politiek. U moet luister en u moet weet wat aangaan, u moet navors, u moet self studeer, u moet indringende vrae vra vir u eie eggenoot, u moet indringend belangstel en saam praat en saam leef want hiervandaan vorentoe sal die man dit nie alleen kan doen nie. U sal met hom moet saamstaan, meer nog as in die Voortrekkertyd toe die vrou by die man moes staan.

Mulder se opdrag aan die Afrikanervrou was dat sy met politieke kennis bewapen moes wees, ondersteunend en tuis soos die Voortrekkervrou van weleer, al was dit 140 jaar later.

'n Tipiese voorbeeld van so 'n Afrikanervrou was Maria Louw, tweede vrou van D.F. Malan: sy was voor haar troue prominent uit eie reg, ambisieus en met 'n belangstelling in die politiek. Toe sy met Malan getrou het, het sy alles prysgegee: "Haar lewe is immers aan hom gewy; sy het hom besitlik beskerm en versorg" (Korf 2007:19; Gaitskell 1983:2–3). Malan het haar egter ingetrek in sy politieke lewe. Hy het gereeld met haar gedagtes gewissel, en het selfs later, toe hy eerste minister was, verkies om onderhoude met belangrike persone en organisasies tuis, met Maria teenwoordig, toe te staan. Volgens Malan het hy van sy vrou verwag om iets te weet van politiek en om intelligent met hom te kon empatiseer. Dit was bekend dat Malan kommentaar en voorstelle van haar aanvaar het en toegepas het. Mevrou Malan het egter ontken dat sy enige invloed op sy besluite gehad het (Korf 2007:19; Gaitskell 1983:2–3).

Alhoewel Prekel (1986:221) beweer dat vroue polities "uit die kas geklim" het en dit bewys deur onafhanklike politieke denke, is daar onder die name wat sy opnoem, byvoorbeeld die families Barlow-Waring-Koch en Badenhorst-Durrant-Camerer, geen Afrikanervrou nie. Afrikanervroue het skynbaar Mulder (1975:27) se toegewing ter harte geneem: "Ek wil nou sê dat die vrou nou lank genoeg *agter* die man gestaan het. Ons verwag nou van 'n vrou om *langs* ons te kom staan – nie vóór ons nie, maar langs".

4.2.4 Die vrou se rol as bewaker van die volk

> U as vrou, u werk in die politiek […] u taak is veral om te help om die volk te bewaar, te beveilig, sy toekoms te verseker, om die innerlike wese van 'n volk veilig en onaantasbaar te hou om die gevare te voel kom en te waarsku sodat die man sy verstand sal gebruik om die middele te soek om die volk te verdedig en te bewaar teen die aanvalle wat dreig.

Bostaande was die opdrag van minister Diederichs (1975:22, 24) tydens die simposium van 1974. Sy taak-opdrag aan die vrou was tweeledig: eerstens was sy bewaker van die sedes en tweedens was sy bewaker teen die vyand van die volk. Diederichs het sy toespraak op 'n eerbiedige toon afgesluit:

> U moet dit u taak beskou om as wagters op te tree, nie soseer op die Sionsmure nie, maar as wagters hier in die binnekamer, wat luister […] 'n volk wat bedreig word van binne en van buite, 'n volk wat tog homself moet uitleef en homself moet bewys in die wêreld, is dit ons bede dat u, die vroue van ons nasie, steeds die Genade van Bo sal ontvang om te voel en oor te dra om te bewaar en te beskerm, om te waarsku waar dit nodig is en om, as vroue van die NP, die Party wat ons glo geroepe is om ons volk na binne en na buite te beveilig, dat u die NP en ons volk, met die vermoëns wat alleen die vrou besit, tot in lengte van dae sal bly dien en bewaar.

Met hierdie woorde bevestig Diederichs die goddelike geroepenheid van die Afrikanervolk, asook die feit dat die volk altyd deur die "vyand" bedreig word – eers die inboorlinge, toe Engeland en in die 1970's die vyand "van binne en van buite", wat neergekom het op alle

kritici van die Afrikanernasionaliste se beleid. Hy het die vrou met haar intuïtiewe eienskappe wat haar so verskillend van die man maak, die rol van beskermer opgelê, om dit wat heilig vir die Afrikaner was, te help bewaar, en haar sodoende indirek ’n politieke funksie laat vervul.

Suid-Afrika se veiligheid was in die 1970’s en die 1980’s ’n daaglikse realiteit. Met “uhuru” as strydkreet in Afrika, buurlande soos Lesotho, Swaziland en Botswana wat onafhanklik geword het en vryheidsoorloë wat vanaf 1961 in Angola gewoed het, gevolg deur Mosambiek in 1964 en Namibië en Zimbabwe in 1966, was daar heelwat rede tot kommer. Die onafhanklikwording van die Portugese kolonies, Angola en Mosambiek, in 1975 het die vrese laat ontstaan dat verbanne vryheidsbewegings, soos die ANC, basisse in dié lande sou oprig (Phillips 2002:4).

Martina Botha, eggenoot van min. Fanie Botha, het by die simposium gesê dat “die aanslae teen Suid-Afrika meer venynig, meer slu en meer berekend” geword het (Botha 1975b:7). Sy het vervolg dat vroue ter wille van die voortbestaan van die land hul politieke taak met veel groter doelgerigtheid en met veel groter vasberadenheid moes aanvaar. Sy het beklemtoon dat hierdie taak in die huis was, veral deur die weerbaarmaking van die jeug. Om die land en Afrikanernasionalisme te beskerm was die opdrag wat niemand bevraagteken het nie; dié wat dit wel gedoen het, was deel van die vyand. Die vrou se taak het al meer “uitdagend” geword.

Binnelandse verset teen apartheid het vanaf 1976, met die uitbreek van die Soweto-opstande, stelselmatig toegeneem. Met hierdie toenemende gevaar het die regering militêre diensplig reeds in 1967 verpligtend gemaak en dit in 1972 van nege tot twaalf maande en in 1977 tot twee jaar verleng. Na 1979 het die ANC weer met guerrillataktiek begin en die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) is vanaf 1984 in swart woonbuurte ontplooi. Sowat 35 000 manskappe was nodig (Phillips 2002:5, 6, 10, 16).

“Die skrif aan die muur is rooi” was ’n tipiese slagspreuk waarmee die rooi gevaar, kommunisme, ’n Bybelse konnotasie gegee is. Vanaf 1977 was “totale aanslag” en “totale strategie” die nuwe wagwoorde van die apartheidsideoloë. Opofferings deur wittes, soos diensplig, is gesien as noodsaaklik, want daar is geveg teen uiterstes: “Christendom” teen “ateïsme”, “demokrasie” teen “totalitarisme” en “orde” teen “chaos”. In 1985, met die toenemende binnelandse onrus, het die SAW beklemtoon dat die destabilisering van Rusland afkomstig was, dat die ANC die werktuig daarvan was en die SAW die beskermer van alle groepe in Suid-Afrika was (Phillips 2002:22–3).

Hoe het Afrikanermoeders die eise wat diensplig aan hulle gestel het, hanteer? In die Afrikaanse vrouetydskrifte *Sarie* en *Rooi Rose* is daar nie veel aandag aan diensplig gegee nie. Die artikels wat wel verskyn het, het die status quo aanvaar en nie bevraagteken nie – diensplig vir seuns is as die nodige oorgangstadium van kind tot volwassene gesien. Probleme soos alkoholisme, psigologiese stoornisse en familiegeweld by diensplichtiges is dikwels met die weermagondervinding verbind. Die weermag het dit egter onsimpatiek ontken en moeders en vroue aangeraai om met die probleme saam te leef. Die blaam is eerder op huishoudelike probleme of die individu geplaas en daar is gesê dat probleme ontstaan as gevolg van afwykende gedrag soos dwelmmisbruik of homoseksualiteit. Afrikanervroue het

oor die algemeen die situasie gelate aanvaar, maar met die eskalering van diensplig sterftes gedurende laat 1987 en 1988 het "die dam gebars". In *Fair Lady* het twee Afrikaanse moeders byvoorbeeld hul pyn en verwarring na die dood van hul seuns beskryf. Een van hulle was verbitterd oor die feit dat haar seun in 'n "ander land" dood is en nie op die grens nie. Soos so baie vroue het hulle geglo dat hul seuns "slegs" grensdiens gaan doen het. As gevolg van die noodtoestand wat in Suid-Afrika geheers het, het die joernalis verduidelik dat sy slegs die hartseer beklemtoon en nie die oorlog veroordeel nie (Phillips 2002:18, 166, 169–73).

Afrikanervroue is ook "opgekommandeer" en deel van die stryd gemaak. In 1978/9 het die federale raad van die NP 'n pamflet getiteld "Women our silent soldiers" uitgegee. Die vyand was kommunisme en vroue die "onsigbare wapen", die "onmisbare soldate". Om die vyand te herken was die belangrikste wapen en vroue is gewaarsku teen die "slang in eie boesem", want selfs in familie-, sosiale en politieke kringe kon die vyand wegkruip. Vroue is gewaarsku teen organisasies soos Vroue vir Vrede en Kontak, want hierdie organisasies het hulle vir beter verhoudinge tussen wit en swart gemeenskappe beywer en onder andere op opvoedkundige integrasie aangedring. Vroue is aangesê om teenoffensief teenoor hul huiswerkers op te tree deur byvoorbeeld hul kamers te inspekteer om te kyk of daar nie vreemdes bly nie, op die uitkyk te wees vir literatuur van kommunistiese oorsprong of wat terreur kan saai en wapens en kleredrag wat nie in Suid-Afrika vervaardig is nie. In 1986 het Vroue vir Suid-Afrika 'n pamflet uitgegee wat vroue aangemoedig het om in gesprek met hul huiswerkers te tree. Daar is geargumenteer dat swartes "naïef" en "deurmekaar" is en dat hulle nie weet wat die redes vir die onrus in die land is nie. Voorbeelde van "modelgesprekke" is gegee waartydens huiswerkers gewaarsku moes word teen die ANC, die UDF, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en die kommunisme (Norval 1996:203–5).

4.2.5 Ekonomiese welvaart hou die Afrikanervrou in die rol van moeder en huisvrou

Reeds in 1969 is die waarneming gemaak dat Afrikaners welaf geraak het en dat hul sosiale aansien gestyg het, maar dat dit gelei het tot te veel selfvertroue en dat hulle gemaksugtig geraak het (Welsh 1969:272). Die Afrikaner het inderdaad welvarend geword. Van die mees ooglopende redes was dat Afrikaners, soos alle wittes, gedeel het in die hoë ekonomiese groei van Suid-Afrika sedert 1933; die suksesvolle etniese mobilisasie van die Afrikaner in 1948 het vir die Afrikaner politieke mag en/of staatsbegunstiging besorg; Afrikanerboerekapitaal is in Afrikanersakeondernemings belê en in die verbetering van opvoedkundige fasiliteite vir Afrikaners (Giliomee en Adam 1981:129–30, 135).

Daar is 'n teorie dat Afrikanerleiers (politieke en kulturele leiers) die volk welvarend wou maak, maar terselfdertyd ook wou isoleer. Daar is verskeie voorbeelde van isolasie, wat nie net op rassegronde deurgevoer is nie, maar ook op kulturele vlak, soos byvoorbeeld deur sensuur en op godsdienstige terrein. Beinart (1994:178–9) beweer dat welvaart die Afrikaner laat deel het in die Westerse kultuur van werk en plesier wat verskeie ontsnappingsroetes uit die kokon gebied het – vanaf die 1970's, versterk deur die koms van televisie in 1976, het verwêreldliking by die Afrikaner ingetree.

Welstand het egter tot “onheilspellende gemaksug” gelei, aldus Bouwer (1975:14–5). Sy stel dit soos volg: “As ek van ons koerante en tydskrifte moet oordeel, bly die vroutjies teenswoordig baie besig om hulle voorkoms te versorg en om in ’n terrasrok op ’n patio te onthaal.” Sy het “onprysenswaardige gemaksug”, “’n nuwe bewustheid van die streling van die kalklig” en “’n drukker sosiale lewe” gebruik om die Afrikaanse vrou te beskryf.

Van Rooyen (1972:356) meen die rede waarom die Afrikanervrou nie in die parlement is nie, is dat “die vrou [...] haar eerste plig, dié teenoor die gesin, *eerste* [stel]”, en vervolg deur te verduidelik dat min vroue dit regkry om naas gesin en ander pligte in die onmiddellike gemeenskap ook nog ’n kiesafdeling te behartig. Hierdie keuse is deur welvaart vergemaklik.

Bouwer (1975:14, 17) beklemtoon die eise van die moderne lewe:

> Soveel van ’n getroude vrou se tyd, aandag en geestesenergie gaan in die voortbring en grootbring van kinders, veral vandag omdat daar hoër eise aan die man in sy beroepslewe gestel word en hy langer ure buitenshuis moet werk. Al hoe meer verantwoordelikheid vir huis en werf rus op die skouers van die vrou. Teen die tyd dat sy haar kinders grootgemaak het, het sy miskien die verantwoordelikheid vir bejaarde ouers, en daarby is dit ook die tyd wanneer die middeljare sy skroef op liggaam en gees begin vasdraai. Waar bly tyd en krag oor vir ’n loopbaan in die politiek?

Bouwer (1975:17) waarsku dat vrouens aan hul dogters en seuns die beeld uitdra van “oormatig klem op die uiterlike vertoon – ‘die goedversorgde voorkoms en die regte uitrusting’ soos vroueblaaie meermale skryf – die sjarme en die bybly met die mode, sodat ’n meisie haar op die ou end sien as ’n fyne rankertjie wat ten alle koste haar stutmuur moet soek en haar nie hoef te kwel oor landsake nie omdat dit tog die man se wêreld is”. Sy meen dat die status en ekonomiese voordele wat Afrikanervroue geniet eerder tot naastediens aangewend moet word. Maar uiterlike vertoon was vir Afrikanerleiers ook belangrik. Mulder (1975:27) het met die oog op die koms van televisie, die belangrikheid van die korrekte voorkoms beklemtoon, veral die beeld van die man en die vrou in die openbare oog: “Daarvoor moet kleredrag korrek wees, daarvoor moet optrede, persoonlikheid, alles eenvoudig net reg wees.”

In Suid-Afrika was die vrou in die 1980’s in ’n oorgangstydperk. Faktore soos die ekonomiese klimaat, die feminisme en verhoogde akademiese kwalifikasies het daartoe bygedra dat dit vir vroue aanvaarbaar geword het om ’n beroep te beoefen. ’n Studie wat onderneem is oor die vrou in Suid-Afrikaanse advertensies in die tagtigerjare het getoon dat ten spyte van die feit dat slegs 33 persent van wit vroue in die arbeidsmark werksaam was, die vrou nie in advertensies as oorwegend huisvrou cum moeder uitgebeeld is nie, maar eerder in ’n ongeïdentifiseerde rol. Die verklaring was dat ’n groot deel van die samelewing reeds die veranderende waardes en norme van die rol van die vrou aanvaar het (Petersen 1988:118, 124–5). Dit sluit aan by ’n studie wat in 1985 oor vroue in die werkplek onderneem is: dit het bevind dat slegs 23 persent van volwasse wit vroue huisvroue is, en ’n verdere 11 persent van plan is om weer te gaan werk as familieverpligtinge dit toelaat.

Prekel (1986:218–20) is van mening dat daar onder wittes ’n positiewe korrelasie is tussen die lengte van tersiêre opleiding en loopbaanbetrokkenheid. Dit lyk asof die Afrikanervrou ’n uitsondering is en die aanklag “they were sent to university to get a degree and were then sent to the suburbs to go mad” eerder van toepassing is. Die rede hiervoor is dat Calvinisme en die middelklas-waardesisteem dikwels teen werkende moeders gekant is (Brink 2004:5). Deel van bogenoemde tendens is die aanklag dat vroue deur hulle eie tradisionele beeld gekniehalter word. Die meeste vroue ervaar steeds ’n verwarrende skuldgevoel as ’n beroep buite die huis vir hulle werklik belangrik word. Dit is nie net mans wat die verlede as maatstaf gebruik om vroue te veroordeel nie – vroue meet hulself voortdurend aan die verlede. Wat hulle in die verlede beter as vandag kon doen, soos om ’n huishouding te behartig, laat hulle skuldig voel (Van der Vyver 1987:220). Wat ook ’n rol speel, is dat nie-werkende vroue dikwels negatiewe opmerkings maak oor die afwesigheid van werkendes in ondersteunende rolle by die skool en die kerk en kla dat hulle byvoorbeeld die werkendes se kinders moet rondkarwei.

Namate Afrikaners welvarend geraak het, kon Afrikanergesinne dit bekostig dat die vrou tuis bly – sy het voltyds huisvrou en moeder geword en het ook ’n huiswerker in diens gehad. Hierdie toestand is, soos reeds aangedui, deur Afrikanerleiers en -kerke goedgekeur. Om ’n huishouding te bestuur was ’n voltydse taak, maar hulle was terselfdertyd ook “volksmoeders”, die draers van die Afrikanerkultuur en -nasionalistiese aspirasies, en hul beloning was om moeders te wees van suksesvolle seuns en dogters wat hul land en die Afrikaner dien (Giliomee 2003:20–1). Deur tuis te bly verrig hulle egter ook ’n ekonomiese rol, want hul huishoudelike take, saam met die opvoedingsrol, onthaalrol, as motorbestuurder, ensovoorts, verskaf die agtergrond waarteen mans en kinders hulle loopbane kan bevorder (Prekel 1986:220). Die Afrikanervrou het gemaklik van “volksmoeder” na (slegs?) moeder en huisvrou verskuif.

Baie Afrikanervroue was in die posisie om te kies of hulle wou werk of nie. Met hul geriewe rondom hul versamel, wil dit voorkom asof die Afrikanervrou oor die algemeen agtergebly het. Daar kan geargumenteer word dat sy dalk vir haar ’n nuwe kokon geskep het, ’n kokon wat nou al die voordele wat geld en mag inhou, inkorporeer het. Antjie Krog het in 1986 die Afrikanervrou as volg opgesom:

> The Afrikaner woman, in my view, is a privileged species, unique on earth. We enjoy the limitless freedom of time granted us by cheap, intelligent, black domestic help. So we can select the titbits and specialize in entertaining or designing clothes, or studying, or gardening, becoming a connoisseur in silver, and making our own pots or poetry for Christmas […]. I blame the men for it. They like it that way. The more idle their wives, the more successful they obviously must be. (Cloete 1992: 53)

Krog se uitbeelding is sekerlik oordrewe en oorvereenvoudigend. Haar mening dat die skuld by die mans lê, is op sigself insiggewend – weer eens ’n geval van die Afrikanervrou toegespin in ’n kokon van gemak, wat nie verantwoordelikheid aanvaar nie.

Frene Ginwala beskryf wit vroue as “pets” van wit mans – troetelgoedjies as gevolg van hul verhouding met die mans met wie hulle bevoorregting gedeel het. Sy het hierdie beskrywing

gebruik as kontras met swart vrouens, wat sy as "chattels" van swart mans beskryf – los goed waarvan maklik ontslae geraak kon word (Ginwala 1992:2).

4.2.6 Die rol van die kerk

Die Christelik-Nasionale ideologie wat die Afrikanerdom gedefinieer het, is na 1948 deur die nasionaliste regering nog meer aangeblaas. Die gevolg was dat die Afrikaanse kerke se houding teenoor vroue en patriargie in die vroeë 1990's onlosmaaklik verbonde is (sien 4.2.1). Afrikanervroue se rol in die huis en daarbuite is in 'n groot mate deur die Kerk bepaal. Die kerk se houding is grootliks gebaseer op Paulus se briewe aan die Korinthiërs en aan Timotheus (I Kor. 14: 34-36 en I Tim. 2;11, 12), waar die aksent veral geplaas word op die ondergeskiktheid van die vrou aan die man, die hulpverlenende taak van die vrou en die eis dat die vrou in die gemeente moet swyg (Botha 1975a:6).

Bouwer (1975:11–2) wys op die Afrikaanse kerke wat, "dank die Vader daarvoor", 'n toonaangewende rol in die land gespeel het; terselfdertyd meen sy dat 'n vroulike lidmaat in 'n kerklike vrouevereniging leiding kan neem, die toon kan aangee, belangrike werk kan doen, maar in die gemeente as sodanig het sy geen seggenskap nie – dit druis teen die hele beleid van die kerk in om 'n vrou in 'n leiersposisie te plaas.[4] Bouwer meen dat hierdie houding van die kerk, wat van vrouens tweedeklas-lidmate gemaak het, Afrikaanssprekende vroue en mans ook gekondisioneer ten opsigte van die vrou en haar plek as dit by landsbestuur kom.

Afrikanervroue is oor die algemeen gehoorsaam. Cloete (1992:43) meen gehoorsaamheid is inherent aan die Afrikaners se geloof dat hul deur God uitverkore is, en as deel van al die parallelle wat met die Israeliete getref word, is ook die siening dat hulle gehoorsaam moet wees, in hierdie geval aan die kerk, maar ook aan die volksleiers.

M. Elaine Botha meen dat die "swye" wat Paulus aan die Christenvrou opgedra het, 'n verskoning is vir belangeloosheid en traagheid in kerklike en maatskaplike sake. Sy glo ook dat baie vroue verskansing soek in 'n opvatting van vroulikheid wat 'n minimum verantwoordelikheid, sowel binne die huwelik en gesinslewe as daarbuite, impliseer. Botha voel dat talle vroue hulle die Bybelse voorskrifte gerieflikheidhalwe laat welgeval omdat dit die lewe op die oppervlak baie makliker maak. Sy maak die stelling dat die onderwaardering van die vrou nie slegs van die manlike kant kom nie, maar dat talle vroue dit verwelkom. As daar in die samelewing waarin sy haar bevind, nie verwag word dat sy 'n konstruktiewe bydrae moet lewer nie, geen intelligente gesprek moet voer nie, of liewer nie moet dink nie, dan doen sy dit so: "Die gemak waarmee die vrou die rol van kerklike spysenier aanvaar […] laat mens telkens weer verstom staan" (Botha 1975a:2, 5–6).

Daar word selfs die aanklag teenoor die Afrikanervrou gemaak dat sy 'n "slagoffer-bewussyn" (*victim-consciousness*) het. Daarmee word bedoel dat vroue verkiés om minderwaardig te wees. Daar word suggereer dat die oorsprong van hierdie bewussyn by die Afrikanervrou se godsdiensbelewenis lê (Hambidge 2004).

5. Die Afrikanervrou in die vroeë 1990's was polities afsydig

Bogenoemde redes en omstandighede wat die Afrikanervrou polities onbetrokke gelaat het, was onlosmaaklik inmekaar geweef. Paternalisme is deur die leiers van Afrikanernasionalisme skaamteloos gebruik om voorskriftelik te wees oor die verwagtinge van die vrou. Die vrou is nie slegs deur Afrikanermans op haar plek – verkieslik in die huis – gehou nie, maar ook deur die Afrikanerkerke. As bewaker van die sedes van die volk, maar ook diensbaar aan die volk, was daar nie veel keuses vir die Afrikanervrou oor nie – sy het nog steeds 'n "volksmoeder"-rol vertolk. As sy teen die stroom sou beweeg, was daar die gevaar dat sy tot randfiguur uitgestoot sou word. Dit was veel makliker om agteroor te sit en die voordele van haar bevoorregte posisie te geniet.

Die gevolg was dat Afrikanervroue polities afsydig was. Martina Botha het dit soos volg opgesom:

> Ons het in 1930 polities mondig geword toe ons die stemreg gekry het, maar baie van ons is nie polities verantwoordelik genoeg nie. Baie van ons is te afsydig en onkundig oor politieke denkrigtings, baie dikwels is ons opvattings net emosioneel gemotiveer sonder die basiese kennis. Ons moet ook verstaan dat politieke onverskilligheid 'n gevaar vir vrede is. Om effektief te kan optree, is kennis en kritiese denke nodig. (Botha 1975b:7)

Bouwer (1975:13) meen dat die Afrikanervrou nie besef wat haar eie waarde en dié van ander vroue is nie, en dus ook nie die vrou se regmatige plek in die politieke lewe nie. Sy verwys na die "rankrosies" wat reken hulle kan nie met eie stam en stamina regop bly nie. Daar moet 'n stut wees wat die koers en rigting van hul groei moontlik maak en daardie stut moet 'n man wees. Hierdie kenmerk kom duidelik na vore in die feit dat vrouens politieke kandidate steun wat hul eggenote steun. Bouwer glo ook dat afgesien van die feit dat vroue nie in hul eie politieke potensiaal glo nie, hulle ook nie in die politieke potensiaal van ander vroue glo nie en dat hulle oor die algemeen eerder vir 'n man as 'n vrou sal stem, want hulle glo nog steeds "'n man is knapper in sulke groot sake as 'n vrou". Hierdie standpunt is tydens die 1994-verkiesing bevestig toe beide die South African Women's Party en die Women's Peace Party geen setels gewen het nie (Streak 1995:78–9).

Bouwer (1975:13) het by die onbetrokke moeders gepleit: "Ons kinders moet politiekbewus grootword." Sy het bedoel dat kinders bewus gemaak moet word van hul Afrikanerskap, of soos sy dit genoem het, "trotse volksverband", en daarby het sy weerbaarmaking van die jeug ingesluit.

Volgens Carole Charlewood, televisie-aanbieder en joernalis, moet dogters van kleins af gekondisioneer word om nie ondergeskik te wil wees nie. Hulle moet weet dat hulle 'n belangrike rol het om te speel in die politiek van die land en dat dit nie vir die mans gelos moet word nie. Hulle moet ook glo dat dit nie onvroulik is om polities selfgeldend te wees nie (Swanepoel 1992:44–5). Die skrywer van die betrokke artikel, die joernalis Martie

Swanepoel, pleit dan ook: "[V]roue moet hul stem laat opklink oor sake wat hulle raak."

"As jy 'n stortvloed emosies en reaksies wil ontketen, noem net die woord 'vroueregte' in 'n geselskap." Mans raak verontwaardig omdat vroue dan "eie regte" moet kry en vroue word "vuurwarm" omdat daar so min aandag daaraan geskenk word. Vroue sal baie vinnig verskeie voorbeelde van diskriminasie teen vroue gee, of dit nou in die beroepswêreld is, in die gesin, seksuele uitbuiting, of baie ander. Hierdie stelling word deur die joernalis Carlien Wessels gemaak in die *Sarie* van 14 April 1993 (Wessels 1993:72–3), net nadat die regering konsepwette teen diskriminasie voorgelê het. Kenners oor 'n wye spektrum is geraadpleeg vir die skryf van die artikel: Margaret Lessing van die Vroueburo, dr. Irma Labuschagne, kriminoloog van UNISA, adv. Francis Bosman en die politikus Dene Smuts, om 'n paar te noem. Almal het gesê die beste manier om diskriminasie teen vroue stop te sit is om vroue deel te maak van die besluitnemingsproses. Vroue moet 'n baie groter bydrae lewer tot die opstel van wette – hulle moet die politiek betree.[5]

Professionele en werkende vroue het aan professionele organisasies soos die Vroueburo behoort wat vir beter werksgeleenthede sou beding. Oor die algemeen wil dit egter voorkom asof Afrikanervroue geweet het wat hulle wil hê – hulle kan talle voorbeelde verskaf van dit wat hulle hinder en van waar teen vroue gediskrimineer word – maar dat hulle dit aan die mans oorgelaat het om daarvoor te veg. Die gevolg is dat hulle polities onbetrokke was.

6. In die vroeë 1990's was die Afrikanervrou verward en op soek na identiteit

Afgesien van die feit dat die Afrikanervrou polities onbetrokke was, het die veranderende politieke toneel in Suid-Afrika ook 'n bydraende rol gespeel.

Terwyl Afrikaner-identiteit nog onder een kombers toegemaak kon word, was die navolging daarvan redelik maklik. 'n Barsie in Afrikanereenheid het egter reeds in 1969 ontstaan met die wegbreek van die HNP as gevolg van die regering wat probeer het om Engelssprekende wittes in die NP te betrek. Verstedeliking van die Afrikaner en ekonomiese voorspoed het ook 'n rol gespeel. Die bars het 'n breuk geword met die stigting van die KP in 1982 deur Afrikanerleiers wat nie te vinde was vir beperkte magsdeling met Indiërs en bruin mense nie. Die Afrikanervolk is verdeel in verligtes – dié wat liberaal is en uit isolasie wil beweeg – en verkramptes – dié wat eng, konserwatief, ras-eksklusief en tradisievas was (Welsh 1969:272–4).

Die wegkalwing van Afrikanereenheid het konserwatiewe Afrikanervroue bekommerd gelaat en tot politieke aksie aangespoor. Gedurende die laat 1970's is die Kappiekommando gestig wat na die terugkeer van tradisionele Afrikanerwaardes gesmag het. Hul Voortrekkerdrag en militantheid is egter bespot en is uiteindelik selfs deur sommige konserwatiewe Afrikaners verwerp. In 1983 is Afrikanervroue-Kenkrag gevorm wat veral gekant was teen rasse-integrasie in skole en ander openbare plekke. Met 'n lidmaatskap van 1 000 in die middel-

1980's het hulle egter tydens die oorgang na rasse-inklusiwiteit ondersteuning verloor (Women and apartheid 1996).

Reeds in 1981 het tussen 30 en 40 persent van Afrikanerkiesers teen die NP gestem, omdat die beoogde hervormings vir hulle onaanvaarbaar was. 'n Verdere vier persent het vir die Progressiewe Party (PP) gestem, want die hervormingsproses was vir hulle te stadig. Tussen 40 en 50 persent van Afrikaners sou gedurende die volgende tien jaar na die KP oorbeweeg. Meer as 42 persent van die NPse ondersteuning was van Engelssprekendes afkomstig. Die NP was nie meer die party van Afrikanernasionalisme nie. Selfs die Broederbond het in 1986 verklaar dat om te oorleef, diskriminasie verwyder moet word (Giliomee 1997:17–9).

In 1954 het D.F. Malan apartheid as volg verduidelik:

> Apartheid is based on what the Afrikaner believes to be his divine calling and his privilege […] [T]he Church opposes the social equalitarianism which ignores racial and colour differences between Black and White in everyday life […] and the Dutch Reformed Church accepts the authority of Holy Writ as normative for all political, social, cultural and religious activities. (Apartheid 1954)

Hierdie woorde was die hoeksteen van die apartheidsregering. Die Afrikanergemeenskap is egter tot in sy fondamente geskud toe die NG Kerk in 1986 verklaar het dat rassisme 'n sonde is. Die Afrikaner se interpretasie van die Bybel is as verkeerd bestempel, die Ou-Testamentiese interpretasie is verwerp ten gunste van die Nuwe Testament, waar ras geen rol speel nie. Die parallel tussen die Afrikaner en die uitverkose volk van Israel is verwerp (Giliomee 1997:19).

Waar het die vrou nou ingepas? Soos reeds bespreek, het die kerklike patriargie die vrou se rol op Paulus se uitlatings in die Nuwe Testament gebaseer. Christina Landman het hierdie Bybelse "storie" oor die "stilbly" wat kwansuis van Paulus afkomstig moet wees, bevraagteken, want volgens haar is daar genoegsame bewyse dat dit deur "vrouevyandige" kopieerders bygevoeg is. Landman, Afrikaans en 'n teoloog, wil die Bybel van sy ou patriargale beeld bevry, inderdaad 'n taak wat haar baie kritiek op die hals haal (Van Reenen 1998:3).

Afrikanervroue oor die hele politieke spektrum heen was verward. Wie moes nagevolg word? Selfs hul Christelike ankers is bevraagteken. Die kerk het hom ook nou distansieer van noue identifisering met die staat en die Afrikaner. Teen die einde van die 1980's het geen prominente Afrikaner-akademici in die sosiale en geesteswetenskappe, en die regswese, apartheid meer ondersteun nie (Giliomee 1995:90).

Die Afrikaner was nog altyd in 'n stryd gewikkel. Of die vyand die Britte, die swartes of die kommuniste was, daar was altyd 'n gevaar waarteen die Afrikaner vir oorlewing moes veg. Soos aangedui, het die Afrikanervrou die rol as bewaker van die volk gehad. In die laat 1980's het sommige van die vyande verdwyn.

In 1988 het die Sowjetunie uit Afrika onttrek. Die gevolg was dat Suid-Afrika, na jare se massiewe klandestiene betrokkenheid binne die grense van Angola en Namibië, ook onttrek het. Die vyand het verdwyn! Teen hierdie tyd het baie Suid-Afrikaners van die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse magte buite die landsgrense geweet. Baie Afrikaners het gevoel hulle is gekul omdat hulle via die buitelandse media en tydens die begrafnisse van gesneuwelde soldate van Suid-Afrika se buitelandse betrokkenheid moes hoor.

In 1989 het die val van die Berlynse Muur die einde van kommunisme aangekondig en skielik was kommunisme nie meer die vyand nie. Pres. F.W. de Klerk het verkondig dat sonder die Sowjetunie die ANC ook nie meer ’n bedreiging was nie (Giliomee 1997:22). Skynbaar het die vrees van ’n kommunistiese ekonomiese beleid ook verdwyn. Die “totale aanslag” het verval. In Namibië, waaraan daar oor soveel jare desperaat vasgeklou is, is demokratiese verkiesings gehou en is die South West Africa People's Organization (SWAPO), tot kort te vore die vyand op die grens, die nuwe regering.

Was daar nog vrese? In 1987 het die akademikus Heribert Adam voorspel dat onderhandelings tussen die ANC en die regering op onder andere die volgende sou uitloop: herverdeling van grond, industriële demokrasie en vakbond-deelname op bestuursvlak; nasionalisering van banke en verswarting van die staatsdiens (Breytenbach 1989:19-20). Hiermee het hy wit vrese vir ’n swart regering bevestig. In dieselfde jaar het 80 persent van die Afrikaners in ’n nasionale meningsopname gesê dat hulle onder ’n swart meerderheidsregering vrees vir die veiligheid van wittes. In 1990, twee maande nadat die onderhandelinge begin het, het dit tot 49 persent gedaal (Giliomee 1997:10). Met die ontbanning van die vyand, onder andere die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), was die partye nou aanvaarbaar, maar is nog steeds deur amper die helfte van die wit bevolking gevrees. Die NP-regering was gereed om te onderhandel vir ’n demokrasie, gebaseer op magsdeling, en die wit kiesers was onseker oor hulle toekoms. Slegs een derde van die wittes het aan die einde van die 1992 gedink dat swartes en wittes genoeg gemeen het om saam ’n demokrasie te vorm (Giliomee 1997:10).

Vir die Afrikaner was die vroeë 1990’s nog meer onseker. Die sogenaamde meestersimbole van die Afrikaner, naamlik dat blankes meerderwaardig is, dat Afrikaners 'n spesiale verhouding met God het, het feitlik oornag verdwyn, aldus Giliomee (1999:3). Afrikanernasionalisme en die ideologie van apartheid het ineengestort. Apartheid was die weg om die Afrikaneridentiteit te behou – die Afrikaner, dus ook die Afrikanervrou, was sonder identiteit.

7. Samevatting

Kort na die artikel onder bespreking het daar weer ’n artikel in *Sarie* deur dieselfde joernalis, Martie Swanepoel, verskyn: “Dit wil ons nou hê … Drome en ideale en eise van die vrou in die jare 90” (Swanepoel 1992:44–5). Die artikel is saamgestel nadat die joernalis “rondgevra” het: ’n lang lys van behoeftes wat wissel van respek, gelykheid en mans wat moet besef dat

vroue intelligente gesprekke kan voer tot spieëls in aanpashokkies wat mens 10 kg maerder laat lyk! Die ongeordende mengelmoes van behoeftes gee die indruk dat die joernalis nie veel moeite of erns met die onderwerp gehad het nie.

'n Maand later verskyn daar 'n artikel oor diskriminasie teen vrouens (Wessels 1992:42–3). Die artikelskrywer het slegs twee vroue genader vir hul opinies. Die een vrou, 'n sosioloog, meen dat dit nog steeds 'n manswêreld is en dat daar nog steeds 'n glasplafon is wat vroue terughou. Sy wys daarop dat KODESA slegs na ernstige pleidooie wel 'n vrouegroep toegelaat het, maar dat die groep net voorleggings kan maak en uitgesluit is van die vyf werksgroepe. Sy noem ook dat alhoewel die ANC 'n Kommissie vir die Bevryding van Vroue gestig het, 'n man in die voorsitterstoel daarvan sit. Die ander vrou wat genader is vir haar opinie, is 'n onderwyseres wat glo dat daar nooit gelykheid kan wees nie, want mans en vroue se rolle verskil. Dit is opvallend dat die twee vroue verkies het om anoniem te bly. Weer eens dui die oppervlakkigheid van die inhoud en die gebrek aan diepgaande navorsing dat *Sarie* nie die onderwerp as belangrik beskou nie. Dit wil dus voorkom of *Sarie* en haar lesers in 1992 nie vroueregte ernstig opneem nie.

Die onderhandelinge vir 'n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika het 'n tydperk ingelui waar talle kwessies oor menseregte na vore gekom het. Ook vroue het die geleentheid aangegryp om vrouesake en genderverhoudings op die nasionale agenda te plaas in 'n poging om die onregverdighede van die verlede aan te spreek. In 1992 is die Women's National Coalition (WNC), 'n koalisie van vroue-organisasies in Suid-Afrika, gestig. Die doelwitte van die WNC was om inligting oor vroue se behoeftes en aspirasies in te samel en dit in 'n Vrouehandves saam te vat wat uiteindelik 'n integrale deel van die nuwe grondwet van Suid-Afrika sou word (Maritz 2004).

Afrikanervroue en Afrikanervroue-organisasies het ook by die WNC aangesluit. Die vroue was veronderstel om deur hulle betrokkenheid by maatskaplike en kultuurverenigings en -organisasies opgewasse te wees om met die swart, bruin en Indiërvroue op gelyke vlak te kon verkeer, maar dit was nie die geval nie. Die Afrikanervroue het op enkele uitsonderinge na moeilik by die WNC aangepas. Daar was talle praktiese probleme, maar dit was veral hulle gebrek aan politieke vernuf en hulle politieke naïwiteit wat hulle betrokkenheid in die wiele gery het (Maritz 2010).

In die tyd toe daar vir vroueregte in Suid-Afrika beding is, is die artikel "Wat maak hulle by Kodesa?" (Du Plessis en Swanepoel 1992) vir die polities afsydige Afrikanervrou geskryf. Die oppervlakkigheid van hierdie artikel, asook van daaropvolgende artikels met 'n aktuele inhoud, dui aan dat die artikelskrywers wel vir 'n bepaalde teikenmark geskryf het. Die persepsie van die skrywers van die artikels, naamlik dat Afrikanervroue nie belangstel in aktuele/politiese sake nie, is histories gefundeerd, maar ook gebaseer op die realiteit van Afrikaneridentiteit in 1992. Die *Sarie*-redaksie, -medewerkers en -lesers was meestal Afrikaners: Afrikaners wat in die vroeë 1990's nie net polities afsydig was nie, maar ook onseker oor hul identiteit as Afrikaners, asook oor die toekoms.

Sarie het ná 1992 nie net ’n afdeling *Sarie*-aktueel geskep nie, maar het ook artikels geplaas wat vroueregte meer direk aanspreek. In 1993 het Carlien Wessels (1993:72–3) weer, onder *Sarie*-aktueel, ’n artikel geskryf met die titel: “Dis wat ons wil hê.” Sy stel dit dat “[v]roueregte vanjaar hoog op die agenda van politici [is]. Vir die eerste keer gaan behoorlike aandag gegee word aan diskriminasie teen vroue en die wette wat hulle daarteen moet beskerm.” Vir hierdie artikel is die “grootste vroue-organisasies en kenners” geraadpleeg om “*Sarie* se eie handves vir vroueregte” saam te stel. Vroue wat geraadpleeg is, was onder andere Margaret Lessing van die Vroueburo, dr. Irma Labuschagne, kriminoloog van die Universiteit van Suid-Afrika, adv. Francis Bosman en Dene Smuts. Die “handves” het kategorieë soos die beroepswêreld, die gesin, foute van die verlede en die vrou se beeld aangedui waaronder vroueregte aangespreek moes word.[6]

Vyf maande na die eerste demokratiese verkiesing het dieselfde joernalis ’n ondersoekende artikel (“Hoeveel beloftes gaan waar word?”) gepubliseer waarin nagespeur is of die veranderings wat politici voorsien het, gerealiseer het (Wessels 1994:42–3). Wessels het bevind dat daar heelwat positiewe vordering was, soos byvoorbeeld die feit dat ’n kwart van die parlementslede vroue was, dat daar ’n vrouekoukus in die parlement ingestel is wat ’n wakende oog sou hou oor hoe wetgewing vroue raak, meer vroue in sleutelposisies, ensovoorts. Daar was egter steeds die verouderde houding dat vroue nie broodwinners is nie, wat lei tot oneweredighede in onder meer die belastingstelsel, veral vir getroude vroue, blatante seksisme in die werkplek, en diskriminasie by pensioenfondse. Die slotsom was dat daar dringende wetgewing nodig was, nie net om genoemde sake reg te stel nie, maar ook oor sake soos aborsie, verkragting, gelyke betaling vir gelyke werk, mediese voordele en huissubsidies, om maar net ’n paar te noem.

Twee jaar later publiseer dieselfde joernalis ’n artikel met die titel “Gelyke regte uiteindelik hier?” (Wessels 1996:36-7). Hierdie keer het sy wyd geraadpleeg, indringende vrae gestel en tot die slotsom gekom dat daar reeds baie veranderinge deur die regering aangebring is om die saak van vroue te bevorder.

Brink (2004:5) het die Afrikanervrou in die apartheidsjare se kommerwekkende stilswye en afsydigheid oor aktuele sake, selfs al raak dit hul families, as volg opgesom:

Al word hul bediendes gevang en in die tronk gestop weens pasoortredings, word geen gesamentlike protes uit volksmoedergeledere gehoor nie. Ook toe die nuwe oorlog uitbreek, die totale aanslag buite Suid-Afrika se grense, en ’n geheime oorlog in Angola geveg word, word niks gesê oor wanneer troepies dood, gewond of bossies terugkeer huis toe nie.

In 1992 was *Sarie* se politieke stem, en ook dié van haar lesers, steeds gedemp. Die artikel “Wat maak hulle by KODESA?” weerspieël die Afrikanervrou se politieke denkwyse in die tydsgewrig van die vroeë 1990’s.

Bibliografie

Anon. s.j. *Die vroue-optog, 22 Junie 1940*. Opgestel deur die reëlingskomitee. Johannesburg: Afrikaanse Pers.

Anon. 1990a. Aanvalle op SP-vrou ontstel. *Die Burger*, 27 Februarie, bl. 6.

—. 1990b. Regse versuur vergadering. *Die Volksblad*, 26 Februarie, s.b.

—. 1991. SP se vrou: "My hart het gebreek". Mev. Marike de Klerk praat oor geweld op Ventersdorp. *Die Burger*, 12 Augustus, bl. 3.

Apartheid – South Africa's answer to a major problem. 1954. http://web.co.wake.nc.us/lee/vf/afr/soaf/195402asaa/195402asaa.pdf (7 November 2011 geraadpleeg).

Beinart, W. 1994. *Twentieth century South Africa*. Oxford: Oxford University Press.

Berger, I. 1992. *Threads of solidarity: Women in South African industry, 1900-1980.* Bloomington: Indiana Press.

Botha, M.E. 1975a. *Die vrou moet haar plek ken …* Potchefstroom: Instituut vir Bevordering van Calvinisme, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Botha, M. 1975b. Uitdaging vir die vrou. In Malan (samest.) 1975.

Bouwer, A. 1975. Waarom so min vroue in die politiek? In Malan (samest.) 1975.

Bozzoli, B. (red.). 1987. *Class, community and conflict*. Johannesburg: Ravan Press.

Breytenbach, W.J. 1989. *The ANC: future prognosis*. Stellenbosch: Instituut vir Toekomsstudie, Universiteit Stellenbosch.

Brink, E. 1987. "Maar 'n klomp 'factory' meide": Afrikaner family and community on the Witwatersrand during the 1920s. In Bozzoli (red.) 1987.

—. 1990. Man-made women: Gender, class and the ideology of the volksmoeder. In Walker (red.) 1990.

—. 2004. Kappies, kopdoeke en kommuniste – Afrikaanse vroue van toeka tot nou. LitNet. http://www.oulitnet.co.za/seminaar/ebrink.asp (7 November 2011 geraadpleeg).

Cloete, E. 1992. Afrikaner identity: Culture, tradition and gender. *Agenda*, 13:48–55.

Cronjé, G. 1968. Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling. In Pienaar (red.) 1968.

Cuthbertson, G., A. Grundlingh en M-L. Suttie (reds.). 2002. *Writing a wider war, rethinking gender, race and identity in the South African war, 1899-1902*. Claremont: David Philip.

De Klerk, F.W. 1998. *Die outobiografie: die laaste trek – 'n nuwe begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, J. 1975. Twee vroue in die senaat. In Malan (samest.) 1975.

De Vaal, A. 2007. Vrouetydskrifte as sosiokulturele joernale: Prominente diskoerse oor vroue en die beroepswêreld in agt vrouetydskrifte uit 2006. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Diederichs, N. 1975. Rol van die vrou in diens van die nasie. In Malan (samest.) 1975.

Du Plessis, T. en M. Swanepoel. 1992. Wat maak hulle by Kodesa? *Sarie*, 27 Mei, ble. 42–3. Klik hier om die oorspronklike Sarie-artikel "Ons grootste indaba" te lees.

Du Toit, M. 1992. "Die bewustheid van armoed"; the *ACVV* and the construction of Afrikaner identity, 1904–1928. *Social Dynamics*, 18(2):19.

—. 1996. Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c 1870-1939. Ongepubliseerde DPhil-tesis, Universiteit van Kaapstad.

Du Toit, M. en A. Krog. 1994. Op pad na 'n inheemse feminisme. *Die Suid-Afrikaan*, 10 Oktober, bl. 22.

Ferguson, M. 1983. *Forever feminine: Women's magazines and the cult of femininity*. Aldershot: Gower.

Gaitskell, D. 1983. Historiography in the 1970s: a feminist perspective. Ongepubliseerde referaat, Conference on Southern African studies, retrospect and perspective. Universiteit van Edinburgh.

Giliomee, H. en H. Adam. 1981. *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars.

Giliomee, H. 1995. Democratization in South Africa. *Political Science Quarterly*, 110(1):90.

—. 1997. Surrender without defeat: Afrikaners and the South African "miracle". *Spotlight*, 2:17 en 2:19. Braamfontein: South African Institute of Race Relations.

—. 1999. Perspektief vir die toekoms. http://www.fak.org.za/Giliomee.htm (22 Oktober 2003 geraadpleeg).

—. 2003. The rise and fall of Afrikaner women. http://www.oulitnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp (9 November 2003 geraadpleeg).

Ginwala, F. 1992. Women in South Africa shape democratic change. http://library.fes.de/fulltext/iez/00060003.htm (7 November 2011 geraadpleeg).

Grosskopf, J.F.W. 1932. Plattelandsverarming en plaasverlating. *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, verslag van die Carnegie-kommissie*. Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery.

Grundlingh, A. 2002. The national women's monument: The making and mutation of meaning in Afrikaner memory of the South African war. In Cuthbertson e.a. (reds.) 2002.

Hambidge, J. 2004. Paneelbespreking. Woordfees, Stellenbosch.

Jacobs, G. (red.). 1986. *South Africa – the road ahead*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Jansen, C. Apartheid and religion. http://www.postfun.com/pfp/features/98/may/cjansen.html (12 Junie 2004 geraadpleeg).

Korf, L. 2007. Behind every man: D.F. Malan and the women in his life, 1874-1959. Ongepubliseerde referaat, The Southern African Historical Society Biennial Conference. Universiteit van Johannesburg.

Kruger, L-M. 1991. Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of Die Boerevrou, 1919-1931. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Landman, C. 1994. *The piety of Afrikaans women, diaries of guilt.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Lourens, A. 1999. Afwesig uit die kanon: Die prosageskrifte van die klerewerkers http://www.sun.ac.za/afrndl/tna/972/Lourens.html (12 April 2004 geraadpleeg).

Lessing, M. (red.). 1994. *South African women today*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Lombard, C.E. 1992. Feminist anthropology: A new model for a changing society? Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Magazines. 2011. *Sarie*, bygewerk 2011-07-19, http://www.magazines.co.za/magazine/sarie.html (15 November 2011 geraadpleeg).

Malan, K. (samest.). 1975. *Die vrou en die politiek. 'n Simposium gehou op 23 tot 26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement.* Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.

Maritz, L. 2004. Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991 tot 1994. Ongepubliseerde DPhil-tesis, Universiteit Stellenbosch.

Maritz, L. 2010. “In die vyand se kraal”. Die rol en ervaring van Afrikanervroue in die Women’s National Coalition. *LitNet Akademies*, 7(3). http://www.litnet.co.za/Article/in-die-vyand-se-kraal-die-rol-en-ervaring-van-afrikanervroue-in-die-womens-national (26 Februarie 2012 geraadpleeg.

Media 24. 2011. Sarie. http://www.media24.com/af/tydskrifte/vrouetydskrifte/sarie.html (15 November 2011 geraadpleeg).

Moodie, D.T. 1975. *The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion.* Berkeley: University of California Press.

Moolman, E. 1984. Koes manne, die vroue neem oor! *Huisgenoot*, 31 Mei, bl. 114.

Mulder, C.P. 1975. Die vrou in toekomstige politieke bedeling. In Malan (samest.) 1975.

Norval, A.J. 1996. *Deconstructing apartheid discourse*. Londen: Verso.

Petersen, A. 1988. Die uitbeelding van die vroulike rol in advertensies in Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

Phillips, M.W. 2002. The end conscription campaign 1983-1988: a study of white extra-parliamentary opposition to apartheid. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa.

Pienaar, P. de V. (red.). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Posel, D. 1991. *Women’s power, men’s authority; rethinking patriarchy*. Ongepubliseerde referaat, Conference on women and gender in Southern Africa. Universiteit van Natal.

Prekel, T.1994. South African women – meeting the challenges of the 1990s. In Lessing (red.) 1994.

—. 1986. Women’s role in building bridges and seeking solutions. In Jacobs (red.) 1986.

Rabe, L. 1985. Ontstaan en ontwikkeling van *Sarie Marais* as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Rantete, J.M. 1998. *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.

Rothman, M.E. 1972. *My beskeie deel, ’n outobiografiese vertelling*. Kaapstad: Tafelberg.

Sachs, E.S. 1952. *The choice before South Africa*. Londen: Turnstile Press.

Slabbert, S. 1992. Die veranderlike konstantes van die Afrikaanse vrouetydskrif. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 32(3):193–208.

Stockenström, E. 1944. Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930.Ongepubliseerde DPhil-tesis, Universiteit Stellenbosch.

Streak, D. 1995. Win some, lose some. *Fair Lady*. 9 Augustus, ble. 78–80.

Swanepoel, M. 1992. Dit wil ons nou hê ... *Sarie*, 24 Junie, ble. 44–5.

Terreblanche, C. 2001. Codesa – the talks that nearly went awry. *The Star*, 20 Desember, bl. 21.

Truter, E. 1997. *Tibbie, Rachel Isabella Steyn, 1865–1955: Haar lewe was haar boodskap*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van der Merwe, C.P. en C.F. Albertyn (reds.). 1972. *Die vrou*. Deel 5. Stellenbosch: C.F. Albertyn Eiendoms Beperk.

Van der Vyver, M. 1987. Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na Die Burger en die Nasionale Pers. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Van der Walt, A.J.H., J.A. Wiid, A.L. Geyer en D.W. Krüger (reds.). 1964. *Geskiedenis van Suid-Afrika*. 2de uitgawe. Kaapstad: Nasou.

Van Reenen, R. 1998. Paulus was 'n "oulike ou", sê Christina. *Die Burger*, 1 Julie, bl. 3.

Van Rensburg, A.P. 1966. *Moeders van ons volk*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Van Rooyen, J. 1972. Vroue in die politiek. In Van der Merwe en Albertyn (reds.) 1972.

Victory or violence: the story of the AWB. http://www4.stormfront.org/whitehistory/awb/chap17.htm (4 Augustus 2003 geraadpleeg).

Vincent, L. 1997. Mothers of invention: gender, class and ideology of the "volksmoeder" in the making of Afrikaner nationalism, 1918–1939. Ongepubliseerde DPhil.-tesis, Universiteit van Oxford.

—. 1999a. A cake of soap: The "volksmoeder" ideology and Afrikaner women's campaign for the vote. *The International Journal of African Historical Studies*, 32:7–8.

—. 1999b. Bread and honour. (Artikel met die afsterwe van Anna Scheepers.) *Sunday Times*, 21 November, bl. 63.

Walker, C. (red.). 1990. *Women and Gender in Southern Africa to 1945*. Kaapstad: David Philip.

Welsh, D. 1969. Urbanisation and the solidarity of Afrikaner nationalism. *The Journal of Modern African Studies*, 7(2):272.

Wessels, C. 1992. Word nog teen ons gediskrimineer? *Sarie*, 22 Julie, ble. 42–3.

—. 1993. Dis wat ons wil hê. *Sarie*, 14 April, ble. 72–3.

—. 1994. Hoeveel beloftes gaan waar word? *Sarie*, 14 September, ble. 42–3.

—. 1996. Gelyke regte uiteindelik hier? *Sarie*, 24 April, ble. 36–7.

Women and apartheid. 1996. http://www.photius.com/countries/south_africa/society/south_africa_society_women_in_the_1990s.html (10 November 2011 geraadpleeg).

Eindnotas

[1]Du Plessis, T. en M. Swanepoel. 1992. Wat maak hulle by Kodesa? *Sarie*, 27 Mei, ble. 42–3.

Swanepoel, M. 1992. Dit wil ons nou hê….*Sarie*, 24 Junie, ble. 44–5.

Wessels, C. 1992. Word nog teen ons gediskrimineer? *Sarie*, 22 Julie, ble. 42–3.

—. 1993. Dis wat ons wil hê. *Sarie*, 14 April, ble. 72–3.

—. 1994. Hoeveel beloftes gaan waar word? *Sarie*, 14 September, ble. 42–3.

—. 1996. Gelyke regte uiteindelik hier? *Sarie*, 24 April, ble. 36–7.

[2] Alhoewel daar gepoog is om die demo- en psigografie van die *Sarie*-leser van 1992 in die hande te kry, was dit onsuksesvol.

In 2011 dui *Sarie* haar lesersprofiel as volg aan:

- Ewig 30
- Die kontemporêre Afrikaanssprekende vrou van Suid-Afrika
- Trots Suid-Afrikaans
- Onafhanklik en onbevooroordeeld in denke en lewensbeskouing
- Gemaklik met verandering
- Geanker in familie, vriende en gemeenskap
- ’n Doener met dryfkrag
- Iemand in voeling met die nuutste neigings – ’n vrou en wêreldburger
- Iemand wat in die taal van haar hart geïnspireer wil word(Magazines 2011).

Sarie identifiseer haar lesers as volg:

Sarie is die keuse van die modern Afrikaanssprekende vrou. Die tydskrif is ’n intieme deel van haar lewe en is ’n ware uitdrukking van haar lewenstyl en lewensfilosofie. Ons vertel maandeliks eg Suid-Afrikaanse stories wat haar goed oor haarself en haar wêreld laat voel. Ons lesers wend hulle tot *Sarie* (gedruk of digitaal) vir intieme gesprekke en gee

sleuteloplossings vir die vraagstukke van die lewe. Dit is waar sy haar spesiale inspirasie kry (Media 24 2011).

[3] Die Afrikanervrou as fabriekswerker is goed gedokumenteer in die navorsing van Elsabé Brink, die volledige verslag van die Carnegie-kommissie, Iris Berger, E.S. Sachs, Louise Vincent en Amanda Lourens. Sien bibliografie vir volledige verwysings.

[4] Die NG Kerk het sedertdien sy beleid omtrent die vrou in leiersposisies verander.

[5]Hierdie artikel van Wessels word ook in Afdeling 7 bespreek.

[6]Hierdie artikel van Wessels word ook in Afdeling 5 bespreek.